A. G. Grobler.

DANAE X

1969.

28/12/68.

Die R.S.A. moet vandag vertrek na Antarktika met ~~die~~ S.A.N.A.E. X. dog is vertraag tot . . . . . . . . .

Dinsdag. 7/1/69.

Eindelik het ons vandag weggekom vanuit Kaapstad hawe na vele vertragings. Ten eerste was daar die Muskeg waarvoor gewag moes word. Dit het net na Nuwejaar opgedaag, en is gemodifiseer vir Danie deur Wolf, Gordon, Henry en Mnr Van Rensburg van G.G.

Toe is ontdek dat sekere onderdele vir die Sneeutrekkers wat vanaf Amerika op pad was gladnie in Kaapstad afgelaai is nie, dog op pad is na P.E. Henry en Wolf en Mnr V. Rensburg het toe oral deur Kaapstad en selfs vanaf G.G. motor onderdele versamel.

Gisteraand 9:15 het Rob en Chris op D.F. Malan ook nog radio onderdele gaan afhaal.

Vandag se vertrek is baie skielik aangekondig. Henry het 11:30 aan boord gekom, met die Kaptein gepraat, en toe is aangekondig dat ons 12 middag vertrek. Toe het ek eers vir Rina gebel en maar duim vasgehou dat Ma-hulle betyds sal kom.

Skielik was die hele atmosfeer op die skip anders. Waar almal moedeloos was met die gedurige uitstellery, is ~~bad~~ ons nou oorweldig met 'n kort kennisgewing van vertrek.

Om die kroon op alles te span was Mnr Van Rensburg laat. Dit het my egter 'n hele paar minute op die kaai gegun om Ma, Pa, Oom Boé, Leonora en vir Rina te groet.

Ons het toe eers 1:30 nm vertrek. Ek het Rina baie jammer gekry, en Ma ook.

Vanaf die vertrek was die see volgens my standaarde betreklik rof. Die ergste dwarshelling was 20° na (S) en 20° na (B) – m.a.w. 'n totaal van 40°.

Die manne het betreklik goed gehou

sover dit seesiek aangaan. Manz- Wolff is
eerste bed toe. Origens het almal 1 of 2 maal
naar geword. Ek self ook - 1 x direk voor aand-
ete - my hele middagete en toe weer my aandete
2 uur na ete. Die hele probleem is net om te
ontspan. Ek probeer, dog onwillekeurig kan ek
voel dat ek my maagspiere styf span.
Vroegaand het 4 van ons probeer kaart
speel, dog die boot het te erg gerol - die kaarte
skuif te veel rond.
Almal is vroeg bed toe - ek so ± 8 uur.
Nagenuur het ek beskuit en ~~lemoen~~ 2 lemoene
geeet en weer terug bed toe.

Woensdag 8/1/64.

My nagrus was vrot. Ek kon net nie
deurslaap nie. Ek het in 'n waas gebly
met die snaakste gedagtes en halfdrome.
6 vm is ek geroep vir my 1e pasient. Die arme
Chris het ontsettende maagkrampe en na
behandeling het hy effe verbeter. Wolff was
vir 10 minute aan ontbyttafel en toe terug
bed toe. Nou begin ek nou ook behandel.
Ek het 'n paar kleurlinge ook gesien - 1 wie
se skoene hom skaaf, en 2 met seesiek.
Die skip rol nog maar lekker, al is die
water baie kalm - so ± 2-5° (L) en ook (R)
Namiddag begin Schalk en ek vir Pieter en
Pieter brug leer. Dit vorder sommer goed en ons
speel tot 11 nm.
Teen ± 5 nm het die wee begin opsteek en
toe het ons sommer lekker gerol. Maar 28° gister
vir my weeklik erg was, begin ek nou al
kyk of dit nie meer wil rol nie.

Chris staan toe so 4 uur op, en Wulf bly nog te. Ek het in die Hospitaal die tand-tange gesteriliseer, want daar is ± 5 tande van 2 kleurlinge wat getrek moet word.

Die aand vanaf 8:30 het kaptein vir ons 'n paar dokumentêre films gewys. Dit is nie van ons films vir SANAE nie, en het 'n paar van ons dit bygewoon toe.

Middernag moet ons ons horlosies weer terug-draai - m.a.w. ons het 1 uur langer slaap.

Vir die 1e 24 uur ter see het ons 167 myl gevorder, en was ons nog 2123 myl van ons bestemming af.

Almal vrag nou net vir die "Roaring 40's" wanneer die skip glo maklik 31° na weerskante rol. Ek kan maar duimvas vir die beste.

Die more het ek ook 'n telegram gestuur en ek hoop sy kry dit - ook groete vir Tina gestuur daarin.

Ek voel werklik moeg, en klim so 11:15 nm in die bed. (Horlosie reeds teruggedraai)

Donderdag 9/1/69.

Vandag verjaar Ma.

Ek het betreklik goed geslaap, dog het vroegmôre 'n hele klomp deurmekaardrome gehad. Ontbyt was goed - die see is nie te rof nie, alhoewel die skip maar teen 4 knope per uur kan vorder. Dit is egter buitengewoon betreklike was.

Die aantal myle wat ons tot vandag 12 middag gevorder het was 148 - m.a.w. 'n totaal van 315 myl. Ons posisie is 38.38S en 16.21E.

Die hele dag bly dit bewolk en verwyl ek later skaak en later - later skryf brandwein by.

re plek – die tyd daar bring te speel.
Vanaand word een van ons films gewys, dog ons gaan daarom na die voorprogram kyk. Die res van my aand blaai ek boeke deur tot 11 nm en gaan klim in die bed.
Ek het 'n telegram vir Reina, en een vir Ma & Antie gestuur.

10/1/69.

Vrydag.

Na 'n aangename nagrus staan ek vroeg baie goed op. Ek was my kop en hele lyf, trek skoon onderklere aan en gaan eet ontbyt. Dadelik opvallend is dat ons baie vinniger vaar, die deining is laer, dog die skip rol letterlik baie rond omdat ons skuins deur die golwe vaar. Ons koers bly nog S. Suid-Wes. Aan die lug kan 'n mens voel dat dit definitief koeler raak – dog vanmôre is dit nog meer bewolk as gister.
Oor die algemeen hou almal goed. Hier en daar is iemand naar – dit bly maar Wilf en Henry, asook Ehil wat bedlend bly. Al die manne met vorige ondervinding.
Ons posisie 12 uur is breedte 40°51'S en lengte 14°47'E. Myl vir die dag is 154 en die totaal 469. Nog 1866 myl oor.
Die hele middag speel ons maar kaart, en toe rol ek my swart en wit film op die kasette. Ek probeer my flitslig uit, en neem van 'n klompie ouens foto.
Vanaand gaan ons weer net na die voorprogram kyk – oor die tocht met 'n stoombaan, en speel dan vuurhoutjies en kaart tot 10:30 nm. Ek, Peter en Schalk.
Ek het vanaand ook my 1e telegram ontvang van Ma. Alle is seker nou op pad

mon al baie. Ek wonder of ek ooit aan haar toon hoeveel sy vir my werd is. Ek moes dit weer gedoen het, want in die jaar wat voorle kan ek haar baie maklik verloor. Ek wonder wat sy alles gaan doen, of wat gaan gebeur. Laat ek gaan te voor my gedagtes met my weghardloop.

42° 52' S.
12° 16' E.
168 myl vir dag – Totaal 677, To gaan 1721.
Gem 7.2 knope.

Sondag – 12/1/69.

Ons 1e Sondag ter see. Ek het weer redelik goed geslaap.

Ons vordering tot 12 mid was absoluut treurig. Die gem spoed was 3.9 knope, wat ons 'n afstand van 94 myl gegee het. Ons posisie was 44° 06' S lat en long. 10° 50' O.

Die weer was redelik. Vanaf ± 5 nm het die son by tye begin skyn. Dit is ook betreklik koud – die water se temp is 6°C.

Vanaf 4 nm het ons begin kaart speel – ons brug tot aandete, en van na aandete later tot 11:45.

Vannag 12 mid word die horlosies weer 'n uur teruggedraai om op Greenwich (GMT) te wees.

Voormiddag het ek weer in die rookkamer gelees, en die middag so ± 1½ uur geslaap.

Die middagete op die skip was redelik goed – gehalte en hoeveelheid.

Origens het niks besonders gebeur. Nog baie voëls veral albatrosse volg ons, en afwag van na sonnige weer uit om 'n paar fotos van hul te neem. Ek bly maar binne die skip en gaan

baie rekels uit.
Maandag nas ek nou regtig in 'n stemming om vir Tina te skryf. Ek sal dit môre doen, en maar die brief No 1 noem.
Die radar van die skip werk nou 24 uur om hoofsaaklik vir ysberge op te let.

Maandag 13/1/69.

Die dag begin maar soos gewoonlik, en lyk ook maar eteisolfole. Alles bewolk, hoë deining en tog effe warmer, loverl so dat ek nie 'n trui hoef te dra nie. Die son het darem so 1/3 van die dag tussen die wolke deur geskyn.
Wat dit ons posisie en myleafstand aangaan – ons posisie is Breedte 45°38' S en Lengte 8° 47 Oos. Ons het 127 myl gevaar om 'n totaal te gee van 858 myl met nog 1,531 myl oor. Ons vaar nog Wes-Suid Wes.
Voormiddag blaai ek tydskrifte deur, na-middag lees ek, en van na aandete tot 12 nag speel ons poker. Johan, Schalk, Pieter, Peter, ek en Peter begin ook van na flick.
Van vanaand 8 uur begin die passasiers die radar dophou vir ysberge. Elke man kry 'n 2 uur skof, en ons doen dit net snags. Die kajuite kry beurte met die gang af, en ek sal seker heel laaste aan die beurt kom.
Voor aandete het ek vir Tina 'n brief geskrywe en dit No 1 genoem, want ek sal lat tog weer vir haar skryf. Môre sal ek weer 'n telegram vir haar stuur. Ek hoop dit

gaan nog goed met haar.

Tot nou toe het my dae nogal redelik vinnig omgegaan omdat ek sommer baie besig was. Ek hoop die res van die rit sal net so snel verloop.

Vandag was daar nogal heelwat albatrosse weer agter ons.

Dinsdag. 14/1/69.

Ons rit vir tot vandag 12 middag was 168 myl wat 'n totaal van 1,026 myl gee met nog 1373 myl oor. Ons posisie was lengtegr. 6°36' Oos en breedte 48°17 Suid. Die weer heeldag was bewolk, met heelwat reën en ± middernag fyn kapok. Die temperatuur het gedaal tot 2°C.

Die water het algaande soveel verbeter dat ons vanaand plate kan speel. Die skip se spoed vandag is ook ± 3-4 knope. Verlede nag is geen ysberge opgelet nie, en vannag staan die ouens weer wag in 2 uur skofte.

Vanmôre het ons brug gespeel, en vanmiddag ook. Schalk, [illegible], mnr. Van Rensburg en ek. Vanaand het 'n paar van ons net gesit en gesels, na Johan se bandopnemer geluister en toe my plate begin speel.

Dit is toe dat ek agtergekom het dat Riana 2 van my plate agtergehou het per toeval. Een se omslag is nog hier.

Vanmiddag het die kapt. vir ons skyfies gewys oor sy vorige ritte, om vir ons 'n idee te gee van wat voorlê. Almal weg nou net na die

eerste ysberg en manner ons in die pak ys kom.

Ons sit gaan baie naby aan Bouvet verby, en ons verwag om 16/1/64 baie naby te wees. Teen die spoed twyfel ek hoogstens.

Daar is nog heelwat Albatrosse en in paar "Whale-birds" wat die boot volg.

Vanaand is die laatste wat ek nog geen slaap het - 1:30.

My kop was vanaand so asof ek dronk is. Die skip voel asof dit meer as ⊙ weeg, en dan weeg dit skaars. Anders voel dit asof my hande so ver van my lyf af is.

Vandag het ek vir Rina in telegram-brief gestuur.

Woensday 15/1/64

Vandag se posisie was breedte 51°31'S en lengte 5°05'O. Die dag se myle was 218 om die totaal op 1264 te bring met nog 1154 myl oor. Die gemiddelde spoed was ook die vinnigste van die rit tot 9.1 knope/uur.

Sover ek kon agterkom het niemand nog in ysberg gewaar nie. Môre sal Mykbaar D dag wees, want naby Bouvet eiland is daar glo altyd.

Die manne staan nog altyd skofte wag om vir ysberge te kyk, en vanmore 3:30 was dit glo al so helder lig dat beskalk al gaan

slaap het.

Vandag is die heeldag bewolk en yslig koud. Die nabe se temps het gedaal tot 1°C en die atmosfeer 5°C tot 0.

Vandag het ons ook die eerste sneeu gesien. Die eerste aansie ± 11 vm was meer gepak reën druppels, en teen namiddag was dit die fyn sneeu.

Die temps. forseer my binne die gebou, en dit is net vir 'n paar minute wat ek uitgaan. Namiddag was die see baie rof, en by een geleentheid was die helling meer as 30°!

Namiddag het ek 'n rukkie geslaap en gelees, en die hele ~~namiddag~~ aand het ek skaak, Van, die Belg en ek brug gespeel tot na 12.

Die uitstaande kenmerk van vandag was verseker die koue en ook die 1e sneeu, as 'n mens dit so mag noem.

Vanmiddag se onstuimige see het arme Kerry weer bed toe gedryf, en ook sommer ernstig. Wolf en Bluil te ook nog.

Donderdag 16/1/69

Lengte – 2°52' O 259 myl

Breedte – 55°37' S Tot 1503.

Gem spoed 10.7 knope.

Vandag het heelwat interessanthede vir almal ingehou. Dit was die dag waarin ons die meeste myle afgelê het. Dit was verseker die koudste dag, en die dag van ysberge.

Oornag tydens die wagtydperk is glo 8-10

ysberge opgelet. Vanmôre met ontbyt was twee baie naby aan die skip.

Elke ± 1-3 uur het ons by 'n gelyk naby gevaar. Die naaste ± 3/4 myl N. van die skip. Almal was tafelvormige tipes - almal regop, be-halwe 1 wat al omgeval het.

Om buite te sit ± 15 minute sonder beskermende klere te bly is buite die kwessie. Jou ha-re ore en vingers is sommer gou ± gevries.

Voormiddag het ek gesels, en van na-middag en vanaand my mediese bestellings met die paklys gekontroleer. Baie voorraad is gladnie op die skip nie - gelukkig niks besonders nie.

Nog 'n hoogtepunt van my dag is die telegram van Lina.

Tot sover het ek seker maar 25 sigarette gerook, waarvan 20 die 1e dag was. My rooklus bly totaal weg. Alkohol het ek ook nog nie na gekyk nie! Verder het ek natuurlik nog gladnie geskeer nie, en lyk my stoppelbaard maar betreklik oes.

Ons is glo vanmôre vroegdag ± 30 myl wes van Bouvet verby. Daar was glo effe positiewe bre-kings.

Vrydag 17/1/69.

Posisie - Lengte - 0°-37' Oos.
Breedte - 59°09' S.
224 myl - Totaal 1,727
Nog 474 myl.

Gem 9.2 Knope.

Kapetown 1 13 16 1128 [illegible] =

Dr Grobler RSA Capetown Radio =

Alles goed verlang wens baie voorspoed verder liefde = Rina

het die Kaptein 'n berig van 'n satelliet gekry, wat 60 myl pakys toon. Ons moet egter baie na wes gaan, en daar weer in 'n oostelike rigting SANAE nader. Volgens die SANAE IX span is die baai baie mooi oop, en kan hulle pakys op die horison sien. Ons behoort glo Sondagoggend in die pakys te wees.

Vanaand het ek 'n bietjie gedrink - wat reguit kop toe is. Ek het ook so 3 sigarette gerook.

Origens is alles goed - verlang seker net na Rina. Baie ook.

Vandag was daar geen hoogtepunt nie. Die weer was nog altyd bewolk - m.a.w. ons het tot sover 1 dag sonskyn gehad. Ons het heelwat ysberge by verby gevaar, geen buitengewone groot berge nie.

Daar was ook gan sneeu vandag nie. Ons was gevolg deur 'n ontsettende verskeidenheid voëls - hoofsaaklik die antarktiese "petrels".

Ek het my medisyne pakkyste voltooi, en moet nou nog 'n lys vir die leke mense uitwerk sodat hul kan weet watter medisyne om vir wat te gebruik.

Die hele aand het Schalk, Peter, Johan (vir 'n rukkie) toe Dries en ek brug gespeel.

Die see is redelik rof, alhoewel nie te erg nie.

Volgens voorspellings behoort ons nie baie moeite met die pak-ys te kry nie. Vanaand het die kaptein 'n berig van 'n satelliet gekry, wat 60 myl pakys toon. Ons moet egter baie na wes gaan, en daar weer in 'n oostelike rigting SANAE nader. Volgens die SANAE IX span is die baai baie mooi oop, en kan hul pakys op die horison sien. Ons behoort glo Sondagoggend in die pakys te wees.

Vanaand het ek 'n bier gedrink - wat reguit kop toe is. Ek het ook so 3 sigarette gerook.

Origens is alles goed - verlang seker na Tina. Baie ook.

Saterdag

18/1/69.

Lengte. ~~0°~~ 0·21' W.
Breedte. 62°-15' S.
Afstand vir 24 uur }
Vir dag 188 }

Gem 7.8 knope
Totaal 1915. Dag 486.

Vandag was daar seker drie hoogtepunte. Ten eerste was dit weer ons wasdag. Die stoute was aangedraai vanaf 12 middag tot 4 nm. En was se 'n stuk weer lekker, afgesien van alle gesukkel. Om met gladde voete balans te hou is moeilik. Daar moet 'n mens nog rondspring om onder die water te bly. Verder wissel die stroomsterkte en watertemperatuur ook met die skip se rol.

Die volgende is die sonskyn. Namiddag het die son seker vir ± 3/4 uur geskyn. Dit was nog altyd bewolk en het veroorsaak dat die sonskyn ook maar afwisselend was. 'n Klomp van ons het toe buite op die Heli-dek gaan oefeninge doen, en sommer met handstaan en rondspring.

Die water was ook glad nie te kalm nie. Die skip het nog teen die golfrigting gevaar, m.a.w. dit het nie veel na die kante gerol nie. Die wind was ook ongemaklik sterk. Dit het veroorsaak dat dit yskoud buite was.

Ons het heelwat ysberge by verby gevaar van verskillende groottes. Die lig was egter te swak vir goeie fotos.

Die son het ± 8:45 nm ondergegaan, dog dit was skemer duisternis tot ± 1 vm. Toe was die horison nog ligblou. Van toe af het dit weer begin lig word.

Van na aandete het 'n paar van ons ses Canasta begin speel, en toe later was ons 7 wat poker begin speel het. Dit was ook die begin van die

sinde. Uit die spel het een skitterlike sportman in hulle party ontwikkel, wat absoluut skaatsingsgewoon-dig het in die vroeë môre ure.

Dit was die 3e hoogtepunt.

Sondag - 19/1/69.

Lengte - 2°·17'W.
Breedte · 64°22'S

Myle vir dag 137, vir 'n totaal van 2052 en nog 343 myle om te gaan.

Vanoggend het natuurlik nie te goed vir my begin nie na gisteraand.

Die weer was baie stil, en speel ons plate die hele dag sonder enige moeite of probleme. Dit is al die 1e tekens van pakys waarna almal uitsien vir vandag.

Die stemlike stil was van die stige in regte Sondag atmosfeer. Niemand is juis baie aktief nie. Almal sit maar rond en lees, of blaai doelloos tussen die boeke rond. Almal sien uit na die pakys.

Dit is nou 1 vm, nog geen pakys nie, en ek het so pas 'n foto van 'n ysberg buite geneem — skemerlig.

My aand het ek omgelees, en nou is paar plate geluister.

Maandag 20/1/69.

Vandag om 12 was ons posisie as volg
Lengte 4°33'W
Breedte - 68°16'S Teen 9.4 knope gemiddeld het ons deur 235 myl gegaan en 'n totaal van 2387 met nog 124 myl om.

Die water is absoluut soos 'n dam en weer gaan ons by talle ysberge verby. Wilf Steen ook vir die eerste keer uit die bed uit op.

Almal wag, en kyk net op die uitkyk vir pak-ys wat enige oomblik op die horison kan verskyn.

Die middag word die stemming op die skip heel gesellig. Dink na als het ek almal se tande met blom gevoel. Dit los 'n onaangename bitter smaak in jou mond se keel, en net ook vir almal van om te begin drink.

Vandeesk het ook aangebreek sonder enige pakys. Toe begin ons kaas brokkelende stukke pakys raas - word "brash" genoem.

Die digtheid het baie gewissel. Later s 2 uur was dit enigsins aanneklik en het die skip gesukkel om vordering te maak. Met stampe vorentoe, dan 'n ent terug, en weer volspoed vorentoe het sy tog daarin geslaag om haar pad deur te kry. So die uit het goed gevorder.

Almal sien nou uit na SANAE. En ons was heeldag in radio verbinding met die span op die basis. Dolfo het hom sê nuus opgekom hier ook net vir pro aankoms.

Die weer vandag was baie mooi en die temp. gladnie te koud nie.

Dinsdag. 21/1/68

So, vandag was toe die dag. Ons was nou net mooi 2 weke op die RSA. Die uit deur die pakys was toe baie voorspoedig. In die nag ± 2vm het die skip se radar en gyro-kompas gebreek. Rob se hulp was ingeroep, en die fout was ± 3/4 uur later herstel.

± 9vm was ons teen die ysrand, en moes ons vir Otterbukta soek. Die skip was eers van koers en het ons los gevaar – toe die fout agtergekom is, het ons teruggedraai en ± 12 middag was ons voor die bukta. Die skip het teen sy neus, nie was teen die ys gaan druk, om die sterkte te voel, toe agteruitgevaar, en vir aanval II gereg. Toe het ± 2:30nm op die horison verskyn het die skip baie stadig begin nader vaar.

Dit het net twee keer teen die bank gedruk, en hier is vasgeloop, en het hul op die skip geklim. – 12 manne. 7 is vir die tweede bybly basis. Wat 'n gesig was hul. Behalwe 1 man, het almal se hare op hul skouers gehang. Die baarde was net so lank. Die ontmoeting was maar baie stil, en niemand het juis geweet waaroor om te gesels.

Die skip het toe vertrek na die ander buktas om pakys te soek. Die vliegtuie moet daarop afgelaai word – dit is bo-op die skip se primitiewe vaalkyskraan kan dit nie op die hoë pandys aflaai nie. Die pakys word ook as stygbaan vir die 1e keer gebruik. Dan stig hul na waar die vrag afgelaai word. By Polarbjørnbukta het Henry en Danie Joubert (Sies II) afgeklim om die pakys daar te ondersoek. Dit was egte ongeskik. Dit was ook die enigste plek

waar pakys was. Die ander bakkies - Husky en Tottan was heeltemal oop.

Ons het toe teruggekom na Otterbukta en die skip het toe „ingedok." Die anker-plek word gemaak van twee 5 vt pale wat 5 vt diep onder die ys begrawe word.

Die skip moet nou afgelaai word.

Die span is in twee groepe verdeel, en elk werk 12 uur skofte. Dit behels die skip aflaai op die slee, sodat dit Sanae toe geneem kan word.

Die SANAE-manne sien baie uit na terug-gaan. Die [illegible] wat ons gesê het, is dat hy dadelik 'n ontlasting wil hê op 'n warm bank. Waatlemoen en lemoene het heel verslind asof dit die heerlikste dis op aarde is.

Met hul pos en pakkies, die genot waarmee hul dit verslind het was iets om te beleef.

Die stilte en gesig van die ys is te fantasties om te beskryf. Die water was vanmôre ~~af~~ absoluut soos 'n spieël, met perfekte weerkaatsings van die ysberge.

Die son het vanaand 12 middernag ondergegaan, dog buite bly dit absoluut helder lig.

Ek het vandag ook vir Rina 'n telegram gestuur.

Woensdag 22/1/68.

Vandag was ons eerste werkdag van skip aflaai.

Die son het vanmore 20 oor 2 "opgekom" – baie naby aan dieselfde plek waar dit "ondergegaan" het. Ek het heelwat fotos daardie tyd geneem.

Die sneeutrekker is afgelaai, en P.W.D. se voorraad wat hul nodig het. Hul is ook almal basis toe. – P.W.D. manne. Die Belge se voorraad is ook afgelaai.

Die Cessna v/d Belge is afgelaai, hul het dit aanmekaar gesit, en het so 3 kort vlugte daarmee gedoen. Die Otter sal tog môre hier afgelaai word. Van dan sal die vlugte berge toe mee begin word. Dit sal ± 12 uur neem om hom aanmekaar te sit.

Daar was met sonopkoms ± 20 min sonskyn, en verder niks. Dit was bewolk, windstil, en glad nie te koud nie. Die sneeu is nog altyd redelik nat. Die korrels is soos rys en kleiner. 'n Mens sal dit nie as enkeldiges sien.

Mnr Kand het vandag 'n bruin vis gevang ± 10 cm lank. Is ook een van die Kleurlinge. Die visse is baie slymerig. Hul kakebeen is uit proporsie groot en hul tande is baie vas, redelik sag en na agter gebuig. Ook is hul filtreerrinne baie min in verhouding.

Wanneer pakke afgelaai word, word dit direk gelaai op 'n slee en ± 50 tree weggesleep. ~~[illegible]~~ So 2 of 3 slees word gelaai, agter 'n sleetrekker gehaak en weggesleep SANAE toe. Geen voorraad word op die ysbank gelos nie. Dit is te waardevol – indien die bank breek – om te verloor.

Na die dag se werk, is ek baie moeg. Na dat ons vir 12 uur aanmekaar gewerk het nie,

maar omdat ek min geslaap het, en ongewoond so aan handewerk.

Donderdag 23/1/64.

Vandag was soos 'n gewone werkdag. My skof het 12 middag begin.

Ons het begin om die Belge se groot vliegtuig af te laai – die Otter. Die Cessna het al gister 'n hele paar vlugte gemaak. Toe het ons gehelp om die vlerke in posisie te kry, sodat dit vasgemaak kon word.

Met die aflaaiery het ek al die mediese voorraad van die Belge ekspedisie uitgesoek. Dit is nou die heeldag gedoen. Ek het begin om die voorraad met die paklyste te vergelyk, en om dit in die drie beskikbare panniers te pak. Ek moet die medisyne opskrywe en bywoeg waarvoor elk is ens. Ons sal 'n daaglikse radio verbinding met die Belge se mense hê, so hulle kan so van my ook inligting kry.

Vandag was ek gewoond aan die werk, en was ons nie vreeslik besig nie, so ek was minder moeg.

Die Dr van DANAE IX was vandag op die skip (Steinz Koodt) dog ons het nie veel gesels nie. Terwyl hy op pad terug was na die basis het een van die lede skielik maagmoeilikheid gekry, en moes ek per radio raad gee.

Vrydag 24/1/44.

Vandag was werklikheid drama.

Om mooi te begin. Gisteraand was my skof verby was en ek ge-eet het was ek besig om aan die Borga medisyne lys te werk. Een van die werkers het toe net hier aangeland met 'n boodskap vir my dat ek dringend basis toe moet gaan, aangesien Heinz 'n operasie op 'n [illegible] hond wil doen.

± 10 minute later was ek en Fred Clements (Weerbro SANAE II) op pad. Wat 'n rit; hy kan nie goed bestuur en het aanmekaar liedjies [illegible] van die wekkerdrame. Op 'n stadium was ons buite sig van enige drom. A.g.v. baie swak sigbaarheid a.g.v. sneeu-val het alles stadiger verloop.

My 1e indrukke van die basis was iets van opwinding. Alles was soos ek dit my voorgestel het, omdat ons so baie foto's gesien het en van die plek gehoor het. Alles het net oud en effe vuil voorgekom. Heinz het my deur die basis geneem.

Ons het alles voorberei vir die operasie en teen ± 4 nm. ~~met dit~~ begin. Dit was op 'n reuntjie van 2 maande wat 'n dermobstruksie presenteer het. Ek het narkose gegee, Jerry het assisteer en Heinz het baie entoesiasties en stadig begin werk. Na 3 uur was alles klaar, dog die hond het gevrek. Hy het 'n bloeding (hematoom) in sy dermwand gehad.

Na die operasie het ons gaan koffie drink in die kombuis. Toe het ek ook kennis gemaak met die koue bank in die onuitstekende latrine. Ai...:

~~Ontbyt was toe klaar~~ Na middagete is ek en Wolf Kurig skip toe met 'n Muskeg en 2 slee daar.

± 50 tree van die skip het ek skielik gesien dat Heinz baie dringend vir ons wys om te

stop. Dit was toe dat ons ongelet het dat die stopraat vir die slee daar staan. Dit was ± 10 à 15 ft vanaf rand afgeswaai. Hy het besluit dat ons wyd om na die skip moet loop. Oor die skip het die skokkende rede gevaag in Kollosale stuk van die wal, waar die slee gestop het, het afgebreek. Met 'n koue rilling langs my ruk af het ek gekyk na die blokke ys in die water waarop duisende voetspore was. Dit was die deel tussen die stopraat en die rand.

Intussen het die pakys baie dik ingestroom in die baai. Niemand was toegelaat om die skip te verlaat. Die Belge was met hulle skip huis toe. Met Degane, Wolf en Along is toe met 2 sleetjies terug basis toe.

Teen ± 7 nm het die skip die Kolla verlaat. Die gevaar was dat ons kon vasvries in die baai. Intussen het dit redelik hard gesneeu, en het die temp. baie gedaal.

Ons op aand het ons toe omgekeer daar na 'n van DANAE II se films te kyk. Met het van hul films vir ons skip toe gestuur, terwyl het van ons s'n geneem het (Where the boys are)

Na 30 uur sonder slaap en al die drama, is ek toe wel moeg bed toe.

Saterdag 25/1/64.

Vandag was natuurlik toe weer ons startdag. Ek het so 12 uur baie vas geslaap. Was so 'n stert nie lekker nie. Dis heerlik om weer deur nagte skoon hare te raak (my eie).

Dus het die hele dag naarheid al langs

die vandag gevaar. Baie keer het ons in een plek stil gelê. As dit lyk of die skip gaan vasgevang het het weer begin beweeg. Dit het heeltemal ook baie lig gewees.

Vanaf 10vm het die ys ontsettend styf begin raak, en sukkel die skip met baie stampe en stote om iets te vorder. Soms was ons binne [illegible] die ~~[illegible]~~ gepakte maar meestal buite die ysgordel. Afstand en sigbaarheid p.y.s. ook het 'n rol gespeel.

Voormiddag het ons [illegible] en vernaam tot The Reward is Courage.

Hoe die skip verder gaan vorder is 'n groot vraag, mag sy net nie vasvries nie. Dit sal ontsettende probleme veroorsaak.

Iets wat ek nog altyd wou noem, en waaroor almal vandag weer gepraat het, met baie dieselfde gevoel van walging en verwagting is die volgende. Ons was aangesê om 26/12/68 in Kaapstad te rapporteer. Die Belge egter het 'n telegram gekry om eers 5/1/69 in Kaapstad te wees. Broeder Martin Coetzee moet oorkom wat hom toegewens is, sal sy stinkende stukke nooit weer kry nie.

<u>Sondag 26/1/69.</u>

Voormiddag het die skip soort van straatjie op en straatjie af gevaar. Sodra die ys oop is, het sy stil gelê, dog baie gou pak dit dikwels om die skip en sukkel sy dan maar weer vorentoe na 'n ander digte oop kol. Die weer het bewolk en sneeuerig gebly.

Teen namiddag het die weer baie verbeter en het 'n groot oop area tussen die pakys rigtings gevorm

die skip het teruggedraai en na Otterbukta gevaar. Terselfdertyd het ons sommer vir robbe begin kyk. In een Bukta waar daar baie mooi digte baaiys in het skeer Frank 2 groot Ross robbe geskiet. ± 150 tree van die skip. Dat was toe ingehaal.

Mnr Hard en ek het toe eers al die uitwendige opme-tings gedoen. Daarna het ons begin slag. Hy het die koppe gehou om saam te neem, en die maag oopgesny om te sien wat hul vreet. Ek het die galblase en faeces van monsters geneem, en ook die harte gehou om op te lê. Later bietjie te meer. Ek sal probeer om 6 van elke soort te kry om te vergelyk.

Otterbukta het baie weg van baaiys gelyk, en is ons toe weer terug rand toe. Die skip het ± 20 keer op verskillende plekke teen die rand gestamp om die stewigheid te toets.

Later het ons toe weer geanker soos op die vorige manier, dog die keer met die L. kant teen die rand, en op 'n effens hoër plek.

Maandag 27/1/49.

Net na ons geanker het, het die aflaaiing begin. Daar is besluit om al die voorraad ± 1 myl van die skip af op die rand te stoor by 'n depot — Penguin depot. Met 2 muskegs en 4 slee het die werk redelik vinnig gevorder.

Toe ek 12 middag gaan slaap het, was ek soos 'n lyk. Doodmoeg. Ek het tot 6 uur geslaap en toe weer op diens gegaan. Toe was ons nog besig om van die kissies af te laai.

Later het ons begin om diesel en paraffien

JTA006

WOLMARANSSTAD 20/1/69

LIEFSTE ALPHEUS

ONS HOU DIE NUUS EN KOERANTE DOP OM TE SIEN OF JULLE TOE AL OP DIE SUIDPOOL AANGEKOM HET X ONS HOOP EN VERTROU DAT ALLES VOORSPOEDIG VERLOOP HET EN DAT JULLE NIE SEESIEK GEWORD HET NIE X ONS IS NOG BY OUMA MAAR DIS VREESLIK WARM EN DROOG EN DIE BOERE IS ALMAL IN NOOD VIR HUL OESTE X HEIN IS IN DURBAN VIR N KURSUS ONS HET HUL NOG GLADNIE GESIEN X HENREITTE SE DAAR IS HEELWAT POS VIR JOU MAAR NIKS BELANGRIKS NIE X HOOP OM GOU VAN JOU TE HOOR X BAIE DANKIE VIR MY TELEGRAM DIT WAS N GROOT VERRASSING X ALLES VAN DIE BESTE EN BAIE LIEFDE EN VERLANGE

OUERS

dromme af te laai. Elk is 25 gel., en daar is 'n 1,000 dromme.

Op 'n slee word 15 dromme gelaai, en elke muskeg sleep 2 slee, of baie selde 3 slee.

Vanaand se sonsondergang ± 11:40 nm was nogal baie mooi. Hoofsaaklik mooi skakerings. Die mooi het self 'n gebrog geklee, met 'n fantastiese effek.

Dinsdag 28/1/64.

Ek het deurgewerk tot 5 vm vanmôre en toe is ek weer bed toe. Die keer was ek net so doodmoeg en kon eers 6 nm opstaan. Ons het toe die laaste 45 van die 1000 dromme na die depot toe geneem.

Toe het die petrol begin. Die dromme is egter 44 gel. elk en moet direk basis toe aangery word. So nou werk ons net met sukke wanne. Op elke slee kan net 12 dromme gelaai word, en elke muskeg kan net 2 slee sleep. Ons het darem nou 3 muskegs tot ons beskikking. Daar is 160 petroldromme.

Die oplaai van die dromme gaan maklik, want die hyskraan bring die dromme tot net bokant die slee, en ons stoot dit dan in posisie en word dit neergeplaas. Dan moet die petroldromme net regop gestel word en in posisie gestoot word. Die kleiner dromme lê plat in lengte, dwarste in bo-op mekaar afhangende van hoe hul in die grootte slee inpas.

Vandag was 'n fantastiese sonskyndag. Daar was ± geen wolke nie – net laag op die horison. Die wind was egter ongewoond koud.

By die depot ± 1 na 1½ km 'n mens stemme by die skip hoor – absolute stilte.

Nog niks het hier gebeur. Howed, 'n sloot buite –

want het 'n pikkie (antarktiese aasvoël) van 'n robwolvin af by die kos depot gegaan. Dit het gaan sluip, 'n oog uitgemaak, en toe aanvallers op hom afgeduik, dog net te vy kom neggienaai.

Woensdag 24/1/64.

Vandag was ek werklik weer baie hard aan die werk. Ons het petroldromme (25 gall) van die skip gelaai — 12 per slee en dan met twee sleë die petrol aangery basis toe.

Toe Barry het saamgery basis toe en alleen self afgelaai. Ons het die 4de keer 5 leë slee saam teruggebring. Toe was 'n vrag gereed, en behalwe ons slee nog 4 ander ook afgelaai. Ek het toe alleen met 'n muskeg — Tonola (die oudste) teruggekom. Ons het met al 4 muskegs terug gekeer skip toe.

Hier aangekom, het die skip net haar neus teen die randys gelê. Die wind het intussen opgesteek, en die skip baie hard teen die ys rand gestamp. Met Barry en ek (wat toe al 18 uur gewerk het) het aan boord gebly tot die skip weer die bakta verlaat het. Die res sou met die muskegs ons voorraad intussen vanaf Penguin-depot na die basis toe aangery het.

Die skip het toe weer na die baaigeg maar ons laas die robbe geskiet het, om intussen weer solank robbe te skiet. Daar aangekom was die wind ook daarvoor te sterk, en vaar sy was maar weer op en af langs die randys om te wag tot die weer gunstig word.

Ek het 2 nm gaan slaap en was 12 uur heeltemal uitgeslaap. Ek sal nou solank begin om vir Rina weer te skryf en dan vir Mae.

Daantjie.

Donderdag 30/1/69.

Vandag het ons weer van die vorige kee af langs die randys gery. Baie keer slot gate, en sodra die wind die skip in ent weggedryf het, maar wee na 'n volgende te gebruik gery. Daar was nie baie pakys nie, die water was baie meer oop. Vermag het dit baie gemeen.

By 'n paar val kranse - ± 30 kilometer wes van Otterbekkie het ons 'n see olifant teen die strand opgemerk. Ons het dit geskiet vir die honde vir vleis. Dit was 'n ou bul wat letterlik self sy ondergang moes al jare lank in 'n gevegin twee gebyt gewees het. Dit was ± 15 vt lank.

Origens het ons dag chisetlfik verloop. Ons het 2 van SANAE IX se films vanaf die middag gesien. Ek het ± 8 mm met 'n ontsettende hoofpyn in die bed geklim.

Vrydag 31/1/69.

Vanmôre ± 6:30 vm het ek opgestaan en bietjie op die brug gaan rondkrentel.

Die weer was baie mooi, die son het ook begin om tussen die enkele wolke deur te kom. Die wind was ook baie stil.

Met middagete het die skip net met sy neus teen Otterbekkie vasgestamp, en is ons aangesê om die skip te verlaat. Daar het toe 3 muskegs met geleide ons op die sand gewag. Al ons persoonlike besittings is op 2 slee gelaai.

Die ander slee het ons weer na Penguindepot gegaan, en die laaste van die voorraad gelaai wat oorgebly het, was die pale en die paraffien en dieseldromme.

By die basis aangekom het ons toe al ons

persoonlike goed l afgepak in die basis, en die voorraad volgens hul op alfabetiese nommerings die regte plekke afgelaai.

Die basis is ontstellend vol. Die 2 Sanae IX manne – Anton (geoloog en ook SANAE X) en Clive (Aardkundige en ook Sanae X.) het na 4 maande en 10 dae ook vandag per vliegtuig (Otter Hut Belge) hier aangekom. D.w.s. Sanae IX en X asook 5 PHD manne en 2 vaarmense is almal in die basis.

Die Belge slaap buite in tente, en twee van ons manne ook. Ek sal ook in 'n tent buite slaap.

Ons manne het intussen begin om die ingang skoon te maak. Dit is net ys en kos, in dromme gooi en dan met die trekker uittrek.

Dinsdag het vanuit sponsorlikes kennisgewing gekry wat oor die bank in die V.C. pas. Is dit nou 'n geniale verbetering. Almal se geskiedenis konstruksies vir die kore banke het soos min vir die mense verdwyn.

Ons het 'n film gesien, toe 'n klompie skyfies van die Sanae IX mense. Baie pin-ups. Ook 'n Mon film. Wat baie gewild was onder die Sanae IX mense was Gordon se skyfies wat hy op die plein (Pretoria) geneem het van verbygaande meisies in mini rokke. Ek kon nie glo dat die mini's nog korter is as die wat hy vertoon het.

Teen 4 uur het Henry en ek begin tent opslaan – binne 5 minute. Dan word 'n waterdigte seil op die ys gegooi, dan 'n skaapvel, en bo-op dit slaap ons in 'n enkel slaapsak.

Saterdag 1/2/64.

Die tentslapery was tot heel aangenaam. Met die dubbelwande van die tent isoleer dit die hitte binne baie goed af van die wind en koue buite. Ewig wou net hier graag weet hoe ek dit regkry om op my maag in die slaapsak te kan slaap.

My dag het ek amper omgeslaap, verder was ek maar in die huis rond. Die ouens het begin om voor die uitsaai die ongelyke ys van die vloer af te kap. Verder het 'n paar manne van die paraffien en diesel van Penguin depot af begin aanry.

Die aand is 'n fliek vertoon, en het een van die bowe 3 manne van sy pas ontwikkelde skyfies - een die RSA en die see-olifant vir ons vertoon. Dr Bryant - die wetenskaplike. Met sy lang silwer baard en hare is hy 'n lewende Skobe Kriemis. Verder het 'n klompie van ons nog 'n ruk in die kombuis sit en gesels. Ek is toe 2 uur eers tent toe.

Ek het vir Henriëtte 'n telegram vir haar verjaarsdag gestuur.

Sondag 2 Feb 1964.

Vandag het alles behalwe soos 'n Sondag verloop. Geen amptelike ontbyt word gemaak nie. Almal kom en gaan, en maak vir homself iets om te eet. Dus maak die kok 'n potpap en los dit dan op die stoof vir elk om homself te help.

Ons het vandag aangegaan om die stoomgang verder skoon te maak, asook die portaal voor die kombuis.

Die RSA. is nog nie terug in die Bukta nie. Het

is blykbaar besig om nog robbe te jag.
Na aandete tot ±10 nm het ons nog gewerk om al die uitgekapte ys en hei kiste uit te kry. Ek is te gou hierna baie moeg bed toe.

Maandag 3/2/69.
Vandag was weer 'n gewone werkdag.
Dries en ek het begin om Sanae III se kos voorraad in die gang te bo herpak. Die doel was om al die hei kiste uit te kry, sodat daar plek is vir baie van ons voorrade wat ingebring moet word.
Buite was dit baie mooi sonskyn. Die Belge vlieg met die Otter slegs as die weer goed is. Het doen diepte bepalings van die ysbank. Ek het toe vandag 'n kans gehad om saam met hul te vlieg vir ¾ uur. Dit was 'n baie aangename vlug. Een van die kameras werk nie, en het hul toe sommer 'n ent langs die kuslyn opgevlieg. Met elk van hul vlugte neem hul een SA saam, sodat ons kans kan kry vir fotos neem.
Dawie (Leier Sanae III) het vir ons vanaand van sy ekspedisie gewys wat hy geneem het met hul reis na Antarktika.
Die ouens het hierna begin om te sing. Anton, Piet en Gordon was die musikante. 'n "Boat race" is later gereël, en een van die Belge (Kees) het, i.p.v. eers die blik leeg te drink en dit dan op sy kop om te keer, die vol blik direk op sy kop omgekeer. Dit was weer die begin van die einde. en is 'n absolute chaotiese party begin.

Dinsdag 4 Feb 1964.

Na gisteraand was almal tog baie vroeg op, en in 'n goeie toestand.

Die RSA. het in die Bukta aangekom, en baie van Danae II se bagasie is toe skip toe geneem. Ons laaste voorraad is ook van die skip af afgelaai en basis toe gebring. Baie van die Danae II manne het op die skip gestort, en hul het 'n onbeskryfbare [illegible] opgedaag, nadat hul skoon is.

Die Relys het ook moeilikheid met die Otter ondervind. 'n As van die ontwikkelaar en aansitter het gebreek. Nou is hul besig om hul toerusting in die Cessna oor te bou.

Die manne begin nou so effens op mekaar se senuwees te werk. Ons almal wil vertrek, en Danae II moet wag tot die skip vertrek. Hier word nie juis veel gewerk nie. Die weerkundiges is redelik besig. Verder is radio toestande na SA. toe baie treurig. Hulle gaan nou verander word, of ontvang word al vanaf Dinsdag nie.

Na die op en aflaai van die skip, het hy weer vertrek om te gaan robbe skiet. In totaal het hul tot nou 2 see-olifante en 9 robbe geskiet.

Origens het alles goed verloop, en na 1 aand ons films is alweer heel toe

Woensdag 5 Feb 1964.

Vandag het daar nie veel aangegaan nie. Die weer was baie goed - 'n heeldag sonskyn. Buiten die wind was dit tog baie koud. Tussen -11 - -21°C. Die sneeu-oppervlakte was betreklik hard. Leon en ek het geski - ons het mekaar agter die toboggan getrek. Ek het maar baie geval - veral op die draaie. Leon ski baie goed al. Later het Hy, Gordon en Chris gaan ski op dieselfde manier.

Origens het ons met die vuil damme uit die basis geneem.

Sanae IX het vandag telefoongesprekke Republiek toe gehad.

Die Belge het van hul toerusting in die Cessna ingelaai en met die mooi weer heelwat gebruik om opnames te maak.

Wilf., Gordon en Danny (Belg) is nog besig om die Muskeg te ombou. Hul het die V8 masjien uitgeneem en plaas 'n 6 silinder in. Sodra die trekker reg is, sal hul vertrek berge toe – die Borga ekspedisie.

Hans het vanaand Klaus' dokumentêre films gewys van Sanae IX, en ek is nou bed toe. Aangesien ons Bryan (Sanae X) terug op die skip is, slaap ek nou saam met Gordon – op die boonste bank.

Donderdag 6 Feb 1969.

Vandag het sonder enige hoogtepunt verloop. Dit was glad nie baie koud nie – alhoewel die wind tussen 10-20 knope gewaai het, die temp. tot -17 gedaal het, en dit heelwat gesneeu het.

Die P.W.D. manne het die oostelike deel van die sneeugang tussen die eetsaal en die dieselkamer begin herstel. Ek het met die 1e ¼ gehelp sneeu wegkap. Die sneeu(ys) het ± 24" koepelvormig na binne ingebult. Ou en nuwe trekkerparte word hier gepak. Die ou ys is toe weggegooi en het die P.W.D. manne nuwe stutte in die gang gesit. Die gang is nou maklik 'n ft wyer, en is die kiste weer netjies regop.

Vrydag 7 Feb 1969

Vandag is ons net mooi 'n maand vanaf Kaapstad. Behalwe vir een telegram van Rina het ek nog niks van haar gehoor nie. Ek sien maar al vreeslik baie uit na 'n brief van haar. Van Ma. hulle het ek darem al een brief gehad.

Ek was tee vandag skiewie. d.w.s. al die kafferwerk moet ons doen. Aking was saam met my. Die werk behels die volgende. Om die sneeu-smelters vol op te hou vir water vir die basis. Die kombuis, slaapsale, gegange, badkamer en toilet skoon hou. Verder moet al die afval en vullis verwyder word, en ook help met die bediening van die kos.

Die voordeel is dat die skiewie sy wasgoed kan doen, en ook kan bad. Wat ek beide gedoen het. Die was en badkamer is in die vuilste en warmste plek in die hele basis, net die dieselkamer, waar die sneeusmelters staan, en 'n deel as 'n garage afgesonder is.

Vandag het Peter Sutcliffe verjaar. Ons het probeer om 'n party te reël. Met die deurmekaarspul van mense in die basis wou dinge net nie vlot of op dreef kom nie.

LIEFSTE ALPHIE,
BAIE DANKIE VIR BRIEWE, DIT BETEKEN REGTIG BAIE.
EK WEET EK SAL NIE TELEURGESTELD WEES NIE, EK IS NET BAIE BANG
VIR N HERHALING VAN DIE LANGNAWEEK VERLEDE JAAR IN MARIENTAL.
HIER GAAN DIT NOG GOED NET KOUD. EK IS ONTSETTEND MOEG
VAN OORTYD WERK. ELKE AAND TIK TOT TIENUUR. NIEMAND WEET WAAR EK
DIE FOTOS WEGGESTEEK HET NIE. EK SAL DIT EINDE VAN JAAR UITHAAL
EN VIR JOU STUUR. MET ONS KORRESPONDENSIE GAAN DIT BAIE GOED.
EK [illegible]OU VREESLIK BAIE VAN HAAR. ALLE BEKENDES STUUR GROETE.
AL MY LIEFDE EN DUISENDE VERLANGE
RINA

Saterdag 8 Feb 1969.

Vandag was ook maar 'n gewone werkdag.

'n Paar van ons het omtrent 11 en omtrent 10 se skoskassies geskei en bespreek. Daar was omtrent 800 kissies. Henry het saam met ons gewerk. As hier organiseerder kan hy nie net sit die werk baie goed nie, maar werk hy saam net so hard, en selfs meer as enige iemand anders in die span.

Leon en Anton is ook hard besig om hul voorraad vir die berge te organiseer. Hul twee sal Maandag of Dinsdag berge toe vertrek. Later sal Wilf, Chris, Clive en ek die res van hul voorraad vir hul inneem.

Die 3e kragopwekker het ons ook vanaand tot in die dieselkamer geneem. Die dooie gewig van 500 lb het sake vir ons baie moeilik gemaak en het dit sukkel sukkel gegaan.

Wilf en Gordon het vandag ook hul sleepwa aan die loop gekry. Die een wat hul die 6 silinders voor ingesit het.

Alhoewel dit vandag tot -5 °C was, het ons net met hemde buite gewerk. Daar was geen wind, en ook geen wolke nie.

Vanaand het ons 'n omtrent 18 films gesien en terwyl 'n omtrent 10 films gewys word sit ek met my rug na die films en probeer om my dagboek skryf.

Henry het [illegible] twee handspanne aangegee. Die idee was om hul beter oefening te gee, en om vir Clive te wys hoe met die honde gewerk word.

Vanaand het ek in die Weerkundiges se kantoor vir die 1e keer na Radio RSA geluister. Ongelukkig was ek 'n bietjie laat vir die nuus. Ek het ook gekyk hoe hul 'n opstyging doen.

…dag 9 Feb 1969

Vandag het amper soos 'n gewone Sondag in die Republiek verloop. Niemand het aktief iets gedoen nie. 'n Hele paar het werkies in gedoen. Ek het toe al ons gängrange ingebring sodat dit nie weer en afgaan nie.

Laasnoegen vandag was dit werklik baie ander koud. Die temp het tot -18 gedaal. Almal maak hul reg vir 'n groot storm môre, aangesien die druk heeltemal steeds val.

Terwyl ek die drank gaan haal het, wou ek 'n foto van ons vorige dag se werk neem. Die son was egter aan die verkeerde kant - noorde - het so 'n 20m skaduwee aan die suidkant gegooi. Ek het uitgewerk, dat as ek die drank eers gaan aflaai, sal die son daar reg wees. Toe ek egter by die ingang kom - ± 5 min later het die weer verander van helder sonskyn na bewolktheid en mistigheid van so 'n aard dat die sigbaarheid gedaal het na ± ½ kilometer. Later - 1½ uur was die lug weer skoon, dog die lig te swak.

Vanaand het al ons dokumentêre films gaan haal, en tot 2 uur vanoggend almal vertoon. Ek het my tyd ongelukkig deur by die weerkunde manne tot sit en gesels, en na 'n middernag maal bed toe gegaan.

Ek slaap nog steeds by Jordaan in sy kamer op 'n halwe beenaste bank, wat maar baie ongemaklik is. Dit is nou, en die matras is kadawwe

ko. op 'n plank.
Die R.S.A. sit op die vasteys in die ys van ±2 km meter buite die baai. Volgens amptelike verslag van Pretoria moet die skip 1 maand hier bly. Dit sal dus nie voor ±21-25 Feb vertrek nie. Ek, en almal, hoop egter dat SANAE X gou skip toe kan gaan, sodat jou mense georganiseer kan raak.

Op die ontbltk slaap ek by Spulen, my kamp raak en staan in die kombuis, my kitaar die opskeiken my trommels en sakke staan in die kamde laboratorium.

Maandag 10 Feb. 1969

Vandag was ek nooit buite om te kan sien presies hoe dit lyk. Die temp. het nooit te laag gedaal, en die wind was nie meer as tien knope nie. Die druk het egter gedaal, en almal was 'n storm te wagte.

Dit was my en Heinz se kookbeurt, en dit is hier waar ek 3/4 van my dag deurgebring het. Om vir 35 mense te kook is 'n vol dag se werk. Tot sover het ons nog net 1 maal van Sanae 9 se laaste vars vleis gehad. Andersinds net blikkieskos, wat 'n baie beperkte verskeidenheid is.

My eerste Oats pap poging het in die asblik beland. Heinz het die menu uitgewerk, en ek was maar sy handlanger.

Na middagete het Heinz gesien dat die teef met met die nuwe werpsel een van die 2½ week oud tefies baie sag gelyk het. Die 1 tefie was af en het by begin regmaak vir 'n kwaai pens ontaarde.

Dawie (Fisioloog Sanae X) Smith en ek het toe

intussen begin om aandete voor te berei. Ons het bijja parte en kerkpondering gemaak, saam gespeel en kaarge-slaan.

Na ete en gewas het ek [illegible] gegee en [illegible] het vir Meisy aansiten en die pen in te sit. Na die operasie het ek gevind dat die [illegible] [illegible] ook gebreek is, en Meisy het toe ook 'n pen ingesit.

Dinsdag 11 Feb. 1964

Ons het vandag ons eerste storm beleef. Die wind het tussen 40-50 knope gewaai, en die temp. by ± -5°C. Jagsneeu het oral by die ingange afgeval. Agter by die honde laboratorium het 'n tonnel jagsneeu opgebou ± 4 vt. hoog.

Om buite te loop was 'n heel besondere ondervinding. Die jagsneeu is fyn sneeu wat van die oppervlakte afgewaai word soos stof, of sand in 'n woestyn. Die sigbaarheid was ± 50 tree, slegs met die geel sonbril is alles baie duideliker en die sigbaarheid heelwat beter. Om windop te loop was baie moeilik. Alles kan vergelyk word met 'n stofstorm, soos in Wolwerivierstasie. Net 'n sterker wind, en langer van duur. Niemand kon natuurlik buite gaan rondloop of enige werk doen nie.

Al die Belge het toe ook na die basis gekom. Die eetsaal was so vol dat ons aandete in twee sessies ge-eet het.

Deon en Anton was omtrent die enigste twee mense wat iets positiefs gedoen het. Hulle het heel dag in die basis begin inpak wat hul sal nodig hê vir gebruik in die berge.

Met die klein teef het dit heel goed gegaan. Solank sy stil lê was sy rustig,

te gaan geland.
Die R.S.A. sit op die oomblik in die ys van ± 7 kilometer buite die bukta. Volgens amptelike geloof van Pretoria moet die skip 1 maand hier bly. Dit sal dus nie voor ± 21-25 Feb. vertrek nie. Ek, en almal, hoop egter dat Sanae IX gou skip toe kan gaan, sodat ons weer georganiseerd kan raak.
Op die oomblik slaap ek by Gordon, my handbagasie staan in die kombuis, my 2 tasse staan in die opteeken, my tromme en sakke staan in die hande-laboratorium.

Maandag 10 Feb 1969

Vandag was ek nooit buite om te kan sien presies hoe dit lyk. Die temp. het nooit te laag gedaal, en die wind was nie meer as tien knope nie. Die druk het egter gedaal, en almal was 'n storm te wagte.

Dit was my en Heinz se kookbeurt, en dit is hier waar ek 3/4 van my dag deurgebring het. Om vir 35 mense te kook is 'n vol dag se werk. Tot sover het ons nog net 1 maal van Sanae 8 se laaste vars vleis gehad. Andersins net blikkieskos, wat 'n baie beperkte verskeidenheid is.

My eerste Oats pap poging het in die asblik beland. Heinz het die menu uitgewerk, en ek was maar sy handlanger.

Na middagete het Heinz gesien dat die teef moet met die nuwe werpsel een van die 2½ week oud tefies baie erg gebyt het. Die 1 tefie was af en het hy begin regmaak vir 'n Durbanse sien aandete.

Dawie (Fisioloog Sanae 8) Smith en ek het toe

intussen begin om aandete voor te berei. Ons het lekker pasta en koekpoeding gemaak, asook gegeet en kerrie slaai.

Na ete en gewas het ek nadere gegee en fotobeheer het vir Meiring gewys om die gom in te sit. Na die opwasie het ek gevind dat die 2 kameras ook gebreek is, en Meiring het toe ook in gom ingesit.

Dinsdag 11 Feb. 1969

Ons het vandag ons eerste storm beleef. Die wind het tussen 40-50 knope gewaai, en die temp. by 1 - 5°C. Jagsneeu het oral by die ingange of geriewe gelê. By die honde laboratorium het 'n tonnel jagsneeu opgebou ± 4 vt hoog.

Om buite te loop was 'n heel besondere ondervinding. Die jagsneeu is fyn sneeu wat van die oppervlakte af gewaai word soos stof, of sand in 'n woestyn. Die sigbaarheid was ± 50 tree, slegs met die geel sonbril is alles baie duideliker en die sigbaarheid heelwat beter. Om windop te loop was baie moeilik. Alles kan vergelyk word met 'n stofstorm, soos in Suidwes-Afrika. Dit is sterker wind, en langer van duur. Niemand kan natuurlik buite gaan wandel of enige werk doen nie.

Al die Helge het toe ook na die basis gekom. Die eetsaal was so vol dat ons aandete in twee sessies ge-eet het.

Leon en Anton was omtrent die enigste twee mense wat iets positiefs gedoen het. Hulle het heel dag in die basis begin inpak wat hul sal nodig hê vir gebruik in die berge.

Met die klein teef het dit heel goed gegaan. Solank sy stil lê was sy matig,

dog met enige beweging het sy nes 'n klein kindjie gehuil. Dokter is mens vandag geen paai, maak sy weer kalm.

Kerry het haar omgedraai, en wel toe nog 'n fraktuur in die Ⓡ agterbeen. Op x-strale kon ons toe twee frakture R agter sien, en die tibia en femur. Al oplossing was toe maar om haar van die gras af te maak. Dit het Kerry toe maar met 'n baie swaar hart met 'n oordosis eter gedoen.

Ek het vir Rina weer 'n lang brief geskryf, dog nog niks van haar gehoor nie.

Woensdag 12 Feb 1969.

Vandag was weer baie beter. Die wind was ±10 knope en die temp ±-5 - -10°C. Buite was dit toe heel interessant. Die oppervlakte was baie lekker hard. Dit het gelyk presies soos 'n sandoppervlakte na stormwater daaroor gevloei het. Die wind het vanaf die oostekant gewaai. Aan die westekant van alle voorwerpe het 'n hoë bank sneeu opgebou. En die kaste wat ons verpak het - ons kan nog al 6 hoë tel, dog ~~nog~~ nes aan die agterkant met die boonste 4 hoë.

Die skag wat buite ± 40 dm hoog was, was toe 10 dm, en die skuinsgat waaruit die ys vir die sneeusmelter gegrawe word, was weer mooi gelyk vol. Dit was 'n gat 12' x 20' en 3½' diep.

Leon en Anton het baie aktief kle-ging opgepak. Ek het vir Anel toe ook 'n medium veldpak verpak. Anel was 1 weg om te verstuur toe Henry het verbied het, omdat die weerkantoor se drukmeter en temp.meter nie gewerk het nie.

Die sonsondergang was vanaand ook iets besonders.

Die RSA was vanaf Maandag hier en het toe intussen maar weer op en af al langs die bukta gery. Die getystyging is ± 5 voet en wil hul nie waag om van Sanae II manne te kom haal nie.

Donderdag 13 Feb. 1969

Vandag was die hoogtepunt Leon en Anton se vertrek. Die hele dag was hul besig om voorbereidings te tref, en om te pak.

Hul het toe eers so ± 1 vm ([illegible]) weggekom. Was dit 'n mooi wolklose dag nie, was die wind toe ± 15 knope en effens van 'n mistigheid. Na hul een van die vars brood ge-eet het, en 'n afskeidsbier saam met ons gedrink het, is hul toe weg.

Origens het daar nie veel gebeur nie. Met sonsondergang was daar 'n baie mooi en groot sonpilaar.

Danie Joubert (leier Sanae II) en ek het 'n die-vrag sol direk gaan haal wat gebruik word vir die dieselkamer. Dit was 25 gel. dromme wat net onder die oppervlakte was, en uitgegrawe moes word. Die plek waar die dromme, en ander kos te vind is, word met merkerpale gemerk. Origens word die voorraad op stellasies gepak. 44 gel. dromme word as stutte gebruik, met 'n platform van plat planke daarvoor.

Deur die dag het die Belge heelwat gevlieg, en het die RSA laat weet dat hy moontlik môre die manne sal kom optel.

Vanaand het die ouens vir 'n verandering 2 van Sanae II se films gewys, en kon ons daarna vir 'n verandering iets sien.

Vrydag 14 Feb 1969.

Vandag se hoogtepunt was definitief Rina se brief. Ek was al baie angstig vir 'n brief en het gedink dat ek nooit iets gaan kry nie. Ek was lanklaas in so'n goeie stemming. Ek voel goed dat ek vir haar toe dadelik teruggeskryf het – die eerste brief vandat ons Kaapstad verlaat het.

Die R.S.A. het vandag na Otterbukta gekom en 'n klomp van Sanae II se goed opgelaai. Die getyafwyking was ± 6 vt en kon net die kos elk met 'n nagaak opgelaai word. Almal het gegaan behalwe Danie, Heinz en Gerry. Volgens Danie het die bukta in die lengte af, die rakkie af, 'n groot baai nie. Op sommige plekke staat hy dit 15 vt hoog. Dat is soos die ys in die middel saamgedruk is.

Ons kookbeurte en skrywebeurte met die pligte is deur Henry opgestel. Hy kook eerste vir drie dae, en dan volg ek. Ek is 3e op die skryflys. Hy het ook vir ons 'n praatjie gegee oor ons pligte en algemene basis reëls.

Schalk, Gordon en ek is op die ontspannings-komitee. Ons moet sorg vir die vermaak van die jaar, en beheer die films, drank en versnaperings soos sjokolade, kaas, sjampanje ens. Verder is ek verantwoordelik vir die kosuitreikings en beheer.

Origens was dit 'n baie mooi dag en het Jimmy (P.W.D.) Schalk, Chris en ek al die afgekapte ys en vullis uit die basis verwyder.

JTA 023
GROBLER
LIEFSTE ALPHIE

BAIE DANKIE BRIEF X HIER ALLES NOG GOED MIS JOU VREESLIK X NEIMARE SATERDAG GETROUD X MA HET NUWE MOTOR GEKOOP X N COLT BAIE OULIK LEONORA HET UITPASSEER EN RY DIE WERELD VOL X EK KUIER MAAR ROND EN GAAN FLIEK TOE X LEKKER BLY X BAIE LIEFDE EN VERLANGE RINA

Saterdag 15 Feb 1969.

Vandag was fyn, mooi sonnige weer. Die meeste tyd was hoofsaaklik met huis werk besig en het in hul kamers ingetrek. Behalwe en die het ons nuwe komberse, lakens en kussingslope gaan haal. Elk het 6 komberse, 3 x winterlakens (Elon of groen) en 4 kussingslope gekry.

Behalwe dat ons verder die basis opgeruim het was en kaste, deure, ... en het daar nie veel aangegaan nie.

Ons het vanaand twee dokumentere en twee van Bruce se films vertoon. Al die Belge was ook teenwoordig. Al wat hulle mooi vind, en wat ek seker 4x vir hul vertoon het, was 'n dansstoneel uit Let's make Love van Marilyn Monroe, waar sy My heart belongs to Daddy sing. Die film het later daar geskeur.

Leon en Anton gaan ook goed op na die berge toe. Terwyl hul ry, bly hul met die Belge in radioverbinding. Hul gee hul posisie aan, sodat die Belge hulself kan oriënteer met die diepte bepalings van die ys. Hul vlieg oor Leon-hulle.

Sondag 16 Feb 1969.

Die R.S.A. het vanmôre vroeg laat weet dat dit na Tottanfjella gaan. Die Belge is aangesê om van hul bagasie sowel as die Otter te bring, om solank gelaai te word. Wolf, Gordon en Dennis is toe ± 12 uur weg. Die Otter is gelaai, dog hul bagasie is verder op die ys-rand gelos a.g.v. 'n getyswelling styging. Hul het saam met hul 'n Belgiese geleerde om 'n tydjie in die basis te kom bly. Hy is van die vloot en doen see diepte bepalings.

Leon en Anton het al taai oor die skeurgebied gevorder en is nou by punt 34, naby Draaipunt

sowat 160 km van die basis.

Ek was vandag skivvie, en het verskriklik hard gewerk. [illegible] om die [illegible] aan die gang te hou.

Piet Koning het verjaar, en Henry het vir ons 'n heerlike aandete voorberei: Hoender en Kalkoen. Dis 'n kos dat ons van ons vas [illegible] eet. [illegible] al die vreemdes in die basis, en omdat ons nog nie heeltemal alleen is nie, het ons geen party gehad nie.

Die [illegible] op die horison was [illegible], met voor seronder baie goed. Al lange die [illegible] syslugte duidelik bo die horison uitgestaan.

My bed het ek baie geniet. Dit is net jammer dat ek nog nie in my eie kamer kan intrek nie. Moontlik môre, want Henry is nou besig om uit te trek.

Maandag 17 Feb 1969.

Vandag het nog enige ander vertrek. Dit was heel aangenaam met die minder lede in die basis. Die ete het nou baie meer ordelik verloop, en die kombuis is in 'n baie beter toestand.

Oral in die gang het 'n mens ou lede sien loop met koffers en tromme. Die meeste kamers is leeg, en kon ons lede toe intrek in die kamers.

Vandag was ek - nie die hut - die hele dag koud. Ek kon net nie warm word nie, selfs al het ek in die kombuis gesit, waar dit baie warm is.

Daar het nie veel vandag aangegaan nie. Schalk en Peter het die donkerkamer skoon en ligdig gemaak. Henry, wat kok is, het die stoof van hoek tot kant geskrop, 'n mens kon

nie glo dat die stoof so 'n skaar het nie.
Dit was vandag nie baie aangenaam buite nie. Die wind het ± 2 knope gewaai, en dit was [illegible] en
± −18°C

Dinsdag 14 Feb. 1969.

A.g.v. die swak weer – wat vandag verslegter het, kon niemand iets buite doen nie. Dit was so, dat ons nie al die skuiwe dromme, en ander afval uit die basis kon verwyder nie.

Almal het gewoonlik binne die basis gebly. Die veel werk is ook gedoen nie. Hier en daar het iemand iets aan die basis gedoen.

Ek het die kaartjies geneem, en die kosta kos per kookbeurt uitgewerk. Verder het ek toe die kos uitgesit vir die volgende kookbeurt – wat myne is. Ek voel nogal skrikkerig, want, behalwe vir die 3 dae kookkursus in Pretoria, onder toesig, het ek maar bitter min met kos te doen gehad.

Nuus van Leon en Anton is dat hulle in die "hinge area" is. Dit is die area waar die ysbank by die land aansluit, en waar die krewasse verwild is. Hul het glo baie swak toestande, en vorder baie stadig, omdat hul nie 'n goeie pad deur die krewasse kan vind nie. Hul is glo voor 'n krewas wat volgens Leon – die hele Norga voorraad, basis en die R.S.A. sal vat, en dan sal 'n mens nog nie eers sien dat daar iets in is nie.

Met die slegte toestande is die R.S.A. nog aan die op en af ry langs die ysrand af. Met die eerste goeie dag, as die dyning kalm is, sal hul vanaf die die res van die voorraad oplaai. Volgens amptelike opdrag moet dit 'n rand binne die Bay, omdat die Belgiese sowieso [illegible] volgens ooreenkoms een maand moet was

jtaoo 2

LETTER GROBLER SANAE IO

LIEFSTE ALPHIE

EK WAS VREESLIK BLY TOE EK SATERDAG JOU BRIEF GEKRY HET WANT EK HET EERS MAANDAG EEN VERWAG X JOU MA SKRYF DAT SY NOG NIKS VAN JOU GEHOOR HET NIE X EK HET AL DIE NUUS VIR HAAR OOK GESKRYF X SY SKRYF HEIN IS DURBAN TOE VERPLAAS X VERDER GAAN DIT GOED VERLAN NET VREESLIK BAIE X ONS [redacted] ONS TREK EINDE MAART OF EINDE APRIL NA N NUWE WOONSTEL X S J B NEEM ONS EEN OOR X WAS GISTER BY TANNIE HANNIE X HULLE STUUR BAIE GROETE X LEKKER BLY EN PAS JOU SELF OPX AL MY LIEFDE

RINA

19-22/2/69. (Woensdag – Saterdag)

Ek kombineer hierdie vier dae, omdat ek kok was en niemand anders was as in die kombuis. 'n Paar uitstaande goed het tog gebeur in die vier dae.

Die eerste dag het maar sleg met my gegaan. Ek het maar baie verlore gevoel. Al wat daar voor te berei is, is blikkieskos en gedehidreerde groente - ertjies, boontjies, wortels, uie en kool. Ons sal later van ons vars vleis begin eet, wanneer slegs twee lede in die basis is. Ek het gesukkel om die porsies van blik uit te werk, en my kos was altyd net genoeg. Maar my witbrode en rosyne het nie veel gehou nie - my hand was te swaar. Verder het ek die skonsdeeg hopeloos te styf geknie. Gevolglik het dit baie swak gerys. Ek het nog nooit mense so baie sien eet nie. Ons maak net twee etes per dag. Later as slegs twee lede in die basis is sal ons begin met 'n amptelike ontbyt.

Donderdag was 'n baie groot dag. Ons telefoon oproepe was bespreek Republiek toe, en ek het vir Rina gebel. Die toestande was uiters gunstig, en dit was so goed soos 'n voortreflike oproep. Ek hoop net dat die toestande elke maand so gunstig sal wees. Dit was heerlik om met haar te praat en al die vars nuus te hoor. Ek kon hoor teen die einde van die gesprek dat sy weemoedig raak. Dit het 9 minute geduur. Ek het baie gelukkig gevoel. In die basis kan 'n mens ook dieselfde gevoel by almal optel, en was die atmosfeer lekker.

Daarna sal die skip seker so gou as moontlik vertrek.

[illegible]
[illegible] SANAE IO
LIEFSTE ALPHIE

EK WAS VREESLIK
WANT EK HET EERS MAANDAG EEN
GEHOOR HET NIE X EK HET AL DI
DURBAN TOE VERPLAAS X VERDER
XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX
N NUWE WOONSTEL X S J B NEEM
STUUR BAIE GROETE X LEKKER B

per [illegible] uit te sien, en sorg genoeg. Maar my uitgepons en piesies het nie veel gehou nie - my hand was te swaar. Verder het ek die [illegible] te styf gedoen. Gevolglik het dit baie swak gerys. Ek het nog nooit maar so baie min eet nie. Ons maak net twee etes per dag. Later as alge [illegible] in die hawe is sal ons begin met 'n ampelike ontbyt.

Donderdag was 'n baie groot dag. Ons telefoon oproepe was bespreek Republiek toe, en ek het vir Riina gebel. Die toestande was uiters gunstig, en dit was so goed soos 'n voortreflike oproep. Ek hoop net dat die toestande elke maand so gunstig sal wees. Dit was heerlik om met haar te praat en al die vars nuus te hoor. Ek kon

Ek het tandklaar so baie gewees. Die kombuis is vuurwarm. Na twee dae kan ek my klere nie meer dra nie, en moet heeltemal skoon aantrek. Die laaste dag was my vrek ongemak, van die sweet. Mel het ietwat riffels ook gehad, en dit het gevoel of ek blase ook het. Ek het elke aand dood-moeg opgestaan.

Mias het intussen uit sy kamer getrek, en kon ek intrek. Daarvoor was daar egter net nie tyd nie, en het ek nog by Gordon geslaap. Behalwe Saterdagaand toe het ek vir die eerste keer in my eie kamer gaan slaap.

Saterdag het Dries baie slegte nuus gekry. Sy Vader, wat met vir 'n operasie hospitaal toe was vir 'n „bloedklont operasie" is skielik oorlede. Hy het alles baie goed ~~gu~~ opgeneem. Ons het die aand geen ontspanning gehad nie. Mias het almal aan tafel gevra vir 'n minuut stilte. Sy vrou verwag ook, en a.g.v. 'n verouderde bekken sal sy vir 'n keisersnit moet gaan ± 9 Maart.

Verder het ek van Dept. Gesondheid gehoor dat hul my ~~baan~~ betrekking by K.P.A. sal oorneem. Ek moet egter self die vaste betaal-vrat regis. Verder moet ek vier jaar vir hul werk ná ek in die Republiek aankom.

Die weer die afgelope 4 dae was ook maar sleg. Soveel so dat niemand enige iets buite kan doen nie, en het baie afval in die danssaal opgehoop.

Die R.S.A. het 21e laat weet dat die maand vir die Belge se somer ekspedisie vertrek is, wat die eerste beste geleentheid na 'n bukta (Totten) sal kom sodat alles opgelaai kan word en hul kan vertrek. Die dyning bly egter te hoog.

Ek het vir Ma-Daantjie geskryf, sommer die baie nuus in duplikaat, en toe voorlopig Daantjie se brief verder klaargeskryf. Sodra die skip in die bukta is sal ek vir Ma verder en vir Rina vir ontlaaiskryf.

Na Donderdag se opwindende telefoongesprek, het ek Vrydag ook 'n brief van haar gekry.

Sean en Anton vorder nog steeds stadig, en is nog nie in die berge nie. Hul is nog in die krewas area.

Saterdagaand, na ek die kos vir die volgende kookbeurt uitgesit het, het ons vir die 1e keer brug gespeel. Kees en Schalk teen my en Danie. Ons het baie vir verloor.

~~Ek het van Dept. Gesondheid gehoor dat hul my beurs sal toeken~~

Kees raak nou hoog benoud, want hy moet 21/3/69 toon. Soos sake nou staan sal hy miskien laat wees. Hy sal van Kaapstad af terug Amsterdam toe vlieg.

Sondag 23/2/69.

Na die harde werk, het ek vandag geslaap tot 4 nm., en het baie verkwik opgestaan.

Voormiddag was die weer baie goed. Al die opgehoopte afval is verwyder, en skoon skuiwie dromme is neergesit. 'n Hele paar Sode. is met twee muskegs Tottanbukta toe om van Sanae II se bagasie daar solank te pak. Hul het sommer by Substasie aangegaan, en die brandstofvoorraad aangevul.

Nuus van die R.S.A. is dat dit nog wag vir gunstige weer. Hul het kontak met die Fuji (Japanese ysbreker) gemaak, wat self met die 1e geleentheid in 'n bukta sal vasmeer, en dan die basis sal besoek. Hul het belowe om in die omgewing te bly totdat die R.S.A. vertrek, en te help indien die pakys te dik raak. So, die

Kaptein is nou baie meer tevrede, en dreig nie meer om sommer net die pad te vat nie.

Anton en Leon is tans by Muskeg. Dit is 'n depot verby die Krewas area- en ± 50-60 kilometer van die werkplek in die berge af.

Vandag het ek ook ingetrek in my kamer. Bakplek is daar voldoende, alhoewel alles baie beknop is. Ek kan ongelukkig alles nog nie goed rangskik nie. Heinz se tromnel is nog daar, hy is nog in beheer van die hospitaal en Kees slaap by my omdat hy een van die tente 'n gat laat inbrand het deur die muskeg se uitlaatpyp.

Al my goed is in 'n goeie toestand. Net een "jigsaw puzzle" het nat geword, en ek het my "slide viewer" in Kaapstad by Rina vergeet.

Ek het vir Kees 'n tydelike vuhel ingesit waar 'n deel van sy permanente vuhel uitgeval het.

Maandag 24/2/69

Vandag het hier ± niks aangegaan nie. Die weer is baie sleg. Wind tot 30 knope, en die sigbaarheid is buite baie beperk a.g.v. die jagsneeu. Niemand kan iets buite doen nie. Met die wind wat toeneem, is die druk ook aan die styg, en die antarktiese veterane is op 'n erge storm te wagte.

Ek het verder in my kamer gewerskaf om die plek 'n bietjie ordelik te kry. Verder het ek my platespeler van 'n oorfoon voorsien, nou kan ek met gemak in my kamer of kantoor na plate luister. In die kantoor is oorfone egter nie nodig nie.

Die R.S.A. is nog in die omgewing, en ons het nog geen nuus weer van die Fuji gehoor nie.

Leon en Anton het Muskeg-depot verlaat en is tans ± 6 kilometer suid van daar op pad berge toe.

Met sulke ongure weer kom die Belge altyd

vir aandete, en ook hul aan hul programme in die basis.
My kamer se temperatuur vir die afgelope twee dae wissel tussen 5-6°C wat heel draaglik is. Ek slaap met winter pajama, gebruik wintelakens en 3 enkel komberse, en voel heel warm.

## Dinsdag 25 Feb 1969.

Vandag het heel skielik en gewigtig begin. ±8 vm het [illegible] almal kom wakker maak, en gesê dat die RSA. Tottanbukta toe kom, en dat alle bagasie gelaai moet word, want die see lyk goed. Niemand, behalwe die persone wat teruggaan sou op die skip toegelaat word nie. Niemand kon dit verstaan, want hier het die wind meer as 20 knope gewaai, en die wêreld was die ene gejaagsneeu.
Dit het so geweldige gejaag afgegee. Sanae IX en P.W.D. sowel as Potch se neutron monitor goed, moes uit die basis getrek word. Die Belge moes ook van voor af pak. Almal het briewe geskryf vir ontlaai. Ek het vir Ma-hulle geskryf, en ook vir Rina. Verder het ek 1 Agfa (36 fotos) klaar geneem van die basis. Gelukkig was my flitslig ook gelaai.
'n Klomp van ons, met 4 sleë is toe weg. Die 5 volwasse en 7 [illegible] honde is o.a. saam met ons. Henry en die Belge het toe later gevolg.
Ons bagasie is op die skip gelaai, en die ouens is toe weg om die ander voorraad wat gepak was, so 4 kilometer van die bukta te gaan haal. Na die voorraad op die skip gelaai was, het ons die sobbe begin aflaai. Henry en die Belge het toe daar aangekom, en is die res van die voorraad, hoofsaaklik die Belge sin opgelaai. O.a. die vliegtuig (Cessna) ook.
Van die tradisionele braaivleis was daar geen sprake nie. Ons het daarem aandete op die

skip geniet.

Intussen het ons, ons finale kopies op die R.S.A. by die kantien gedoen. Dit was hoofsaaklik drank en koeldrank, met lekkers ook by. Ons het toe sommer ook ons rekenings betaal.

Die dyning het hoër begin word, en Danae X het toe na so lang groeting die skip verlaat. Die skip het ± 9 nm. vertrek, terwyl ons vir Ludsie naas Lawwe Liede gesing het, soos bv. „Ek wil huis-toe gaan." Die R.S.A. het haar mishoring geblaas. Hy het effe na die stuurboord kantoorgehang, en volgens Johan kon jy mens aflei watter kant die possak is.

Elk het sy gevoelens goed verberg. Moet het ek gevoel - eintlik anders as wat ek verwag het. Ek het net die besef gehad dat ons ekspedisie nou eers begin. Dat ons werklik alleen is, en ook maar baie nietig en afhanklik van Bo. Dit was ook laaste kontak met beskawing, asook sowie briewe aangaan met familie, vriende en geliefdes.

Jenny (Die Belge se Weerkundige) wat 6'4" lank is het sy Anarak vir my gegee. Clive het Roger (Piloot) se vliegpak van kunsleer, en 'n pragstuk gekry. Henry het by Tony (Leier) ook 'n pak, sowel as ½ bot. egte Franse sjampanje gekry.

Ons het ± 9:30 nm vertrek, na 'n baie mooi sonsondergang oor die see. Ons terugreis het geduur tot ± 1:15 vm (26/2/69). Met gou kon ons die merker-pak en dromme wat ± 2 vt bo die gyw. is nie meer volg nie. Henry en Clive het bestuur, en het hul op die sterre gery. Later was ons seker dat ons heeltemal verdwaal is. Ons het dikwels gestop om kompaslesings te neem. Eintlik het ons weer dromme gesien, en toe het ons hul weer gevind. Na ons gestop het, kon ons toe in die verte die rooi lig by die basis

sien, en het dit as gids gebruik.

Op die basis is almal, behalwe ek en Leti kombuis toe vir 'n warm koppie sop. Ons het voor in die Muskegsgeut. Die ouens agterop die slee het baie koud gekry. Hul baarde was vol ys-[?] wonder, want die temp. was -26°C. Ons het die bagasie (drank) laat afpak in die skag.

Henry het toe vir elk 'n bierbeker vir ons verjaarsdae gegee en 3 bottels sjampanje oopgemaak. (Ook optog- klere [illegible]) Ons het heildronke op Sanae X, Borga ekspedisie, Henry en Clive + Anton gedrink. Na 'n kort algemene toespraak deur Henry is ons toe almal baie moeg bed toe.

Op die skip het ek nog vinnig 'n brief aan Rina geskryf. Ek het nog 'n film tot toe klaar geneem - baie van Leon Ehlers - en hy het dit toe saam met hom geneem vir ontwikkeling. Die groot Huskies is agter op die helidek vasgeketting, en die kleintjies is in kartondoos op die brug.

## Woensdag 26 Feb. 1969.

Ek het vanmôre baie laat geslaap. Ek was moeg en lyf seer. Die ouens het intussen die robbe afgelaai, en al die opgehoopte afval wat in die danssaal was uitgestuur by die skag.

Ek het my kamer probeer ordelik en georganiseerd kry. Verder het ek die kos vir die volgende kookbeurt uitgesit. Ook die 4 gang in 'n mate georganiseer.

Verder het ek al die kos ingedeel in porsies vir elke kookbeurt.

Henry het van Leon en Anton gehoor dat hul ± 12 kilometer suid van Muskeg depot is. Die

miskien se alternator het stukkend geraak, en kon die battery dus nie laai nie. Abel moes die Muskeg toe los, en het met die toboggan verder gegaan.
Dit beteken nou dat Clive, Wilf, Chris en ek binne 3-4 dae sal moet vertrek berge toe. Ek moet nog vir kos vir 40 dae. Dit moet in kiste verpak word. In elke kis kom 5 dae se voorraad vir 4 mense. Derhalwe hoef net 1 kas daar per slag oopgemaak word.
Dit sal ek alles môre moet doen, en ek is nog skiewie ook. So 'n baie harde dag lê vir my voor.
Vandag was weer 'n heerlike windlose sonnige dag, maar die temp -10°C was, en ons 'n mooi sonsondergang gehad het.
Dit is nou baie rustig en stil in die basis met die min lede. Hieraan sal ons seker gou gewoond raak. Met die kosmaak en opwas sal dit nou ook baie beter en makliker gaan.

Donderdag 27 Feb 1969.
Vandag het Riena verjaar. Wat sy gedoen het wonder ek. Ek hoop sy het die blomme + orghidee wat ek vir haar bestel het gekry, en dat dit mooi was. Oor die telefoon het sy maar baie hartseer oor die alleen wees op haar verjaarsdag geklink.
As daar 'n dag was wat ek my sout verdien het, dan was dit vandag. Ek was skiewie, en het behalwe my skiewie pligte nog plek in die ysgang gemaak vir ons kos wat nou afgekom het met die skip. Ek moes kanae XIII en IX se oorgeblewe kos buitemat verpak. Ook het ek die kort gang aan die einde van die slaapkwartiere skoongemaak, en vir die kiste voorberei. Toe het Schalk en Pete my gehelp om die ys weg te neem, en toe bult hy om die afval in die

danssaal te verwyder na ek se sluskag en 3 slee gaan haal het.

Ons het toe al ons koskaste gaan haal, en eers op die slee gelos om môre te laat sak. Dit is ± 150, en dit was toe al 11:30 nm.

My horlosie het vanaand in die vreemsmelter geval, en na veel gesukkel het Henry dit vir my uitgekry. Die band het gebreek, en dit lyk nie of dit beskadig is nie.

Nicolas het ek 'n voorlopige lys gemaak van die kos wat ons sal nodig hê op die veldekspedisie. Wolf het die sluskraag nagesien en sleeds begin pak. Henry en Johan het die tente in orde gekry.

Die RSA. is 65°S en 10.– so hul vorder nou baie goed.

Vrydag 28 Feb 1969.

Nog 'n maand is verby. Die feit dat alles nog nuut is, en ons nog ongeorganiseerd is het gemaak dat die tyd baie gou verby gegaan het. My volgende maand, met die veldparty in vooruitsig sal seker ook baie gou verby gaan. Ek hoop net dat ek goeie fotos kan neem. Teen die tyd dat ons terugkom sal dit baie naby aan winter wees.

Die weer raak algaande al hoe kouer. Vandag se minimum temp. was -26°C. Die wind was ook vanaf 11 nm ±20 knope, geen jagsneeu, dog baie onaangenaam buite.

Ná my uitputtende dag gister, kon ek vanmôre eers 11 vm stokstyf uit die bed opstaan. Vandag was ek, net soos na my vorige lad, die hele dag taamlik koud. Ek kan net nie warm word nie.

Shalk, Piet en ek het die koskaste in die skag laat afsak van na middagete. Voormiddag het ek my kamer aan die kant gekry.

Na aandete het Gordon en Johan die koskaarte met die slee aangery, terwyl ek dit in numeriese volgorde gepak het.

Ons het ook ons biltong en sjokolade in gelyke hoeveelhede verdeel, en vir elk sy porsie gegee. 'n Kwart van elk van die totaal is uitgehou vir veldekspedisies.

Ek het vandag nie vernuus van die R.S.A. of van Leon en Anton nie.

Ek het ook die hoeveelhede van ons kossoorte, en ook die verskeidenheid finaal opgestel. Môre sal ek alles moet toch 'n finaal verhaak.

JTAO023

BRIEF GROBLER

liefste ALPHEUS

VANDAGXXX JOU

HET GESKRYF VAN DIE BEL DIT SA

HIER GAAN DIT BAIE GOED BEGIN

HIER AL DIE FAMILIE STUUR GROE

BESTE HOOP STORM HET AL BEDAAF

+

ALPH:

'n ... oraange ...

saam met 'n 20 knope wind.

Aangesien dit Willf en Chris se laaste fliek saam met ons sou wees voor hul berge toe vertrek, het hul die keuse vir 'n fliek gehad, en het ons Zorba the Greek gesien. Chris het ook 'n spotprent van Tom + Jerry gebring om vir hul te wys. Ons sal dit weer midwinter sien. Na die filmvertoning het almal na skyfies gekyk wat Achalk

JTA0023

BRIEF GROBLER

liefste ALPHEUS

VANDAGXXX JOU EERSTE BRIEF GEKRY WAS BAIE BLY EN OOK RINA HET GESKRYF VAN DIE BEL DIT SAL WONDERLIK WEES OM MET JOU TE KAN PRAAT X HIER GAAN DIT BAIE GOED BEGIN BY H T S WERK X WEER NOG BAIE WARM EN DROG HIER AL DIE FAMILIE STUUR GROETE EN VERNEEM ALTYD VAN JOUX ALLES VAN DIE BESTE HOOP STORM HET AL BEDAAR X

LIEFDE

OUERS

[illegible]

Saterdag 1 Okt 1969.

Vandag was ons fliek-dag. Ek het weer teen my eie gewete baie laat opgestaan. Ek het al die ~~[illegible]~~ versnaperinge vir Sat. aand uitgesoek - soos bv. lekkers, gedroogde vrugte en sjokolade neute. Ook het ek al die lekkernye vir spesiale geleenthede uit die kiste gekry, want Schalk verjaar môre.

Behalwe dat ek vandag 'n brief van Ma gekry het, het ek ook 'n boodskap van haar oor radio Nederland gehoor. Dit was nogal heel aangenaam.

Niemand was juis buite nie, want dit was betreklik onaangenaam. Koud, met redelik jagsneeu saam met 'n 20 knope wind.

Aangesien dit Wolf en Chris se laaste fliek saam met ons sou wees voor hul berge toe vertrek, het hul die keuse vir 'n fliek gehad, en het ons Zorba the Greek gesien. Chris het ook 'n spotprent van Tom + Jerry gebring om vir hul te wys. Ons sal dit weer midwinter sien. Na die filmvertoning het almal na skyfies gekyk wat Schalk

en Pete gemaak het van "nude" fotos in die baris. Ek het dit nie toe genie nie, want ek het na die films (11mm) gaan slaap. Ek het tussen 2 vm en 16:30 nm nakker geslaap, en het die skyfies in die kombuis toe gehang en deurgekyk in die bed.

## Sondag 2 Mei 1964.

Vandag was Sondag, en Schalk se verjaarsdag. Alhoewel dit -12°C buite was, was dit 'n heerlike stil sonskyndag. Ons het Clive die werktuigkundige stellasie help pak.

Schalk, Peter, Barry en Gordon het baie foto's geneem, omdat die weer so mooi was. Hoofsaaklik van die honde. Schalk en ek het met 'n slee biere en ±700 tree glase van die stellasies af gaan haal met 'n middelmatige slee. Ons het dit getrek. Die gaan was maklik, dog die terugkom baie moeilik. Dit was 'n heel besondere ondervinding, en het ons respek laat kry vir Scott en sy manne wat 200lb elk deur alle weers- en sneeutoestande getrek het.

Schalk en ek het eers buite met 'n rubber bal en die strand rakette gespeel. Na tee het ons toe in die kombuis met die pluim (van pluimbal) gespeel. Dit was heel ontspannend.

Henry was ons kok vir Schalk se verjaarsdagete. Dit was so goed soos enige vyfster hotel se ete. Daar het geen party ontstaan na die ete. Henry was moeg, en Peter en ek het vir hom opgewas.

Rob het vanaand kontak gehad met 'n ou (Frank Breem) in Belleville wat regoor K.B.H. bly. Hy het my toe geroep om ook 'n bietjie met hom te gesels. Dit was heel interessant. Ek hoop

LIEFSTE ALPHEUS

BAIE DANKIE VIR JOU BRIEFIES SIEN UIT DAT JY MY BEL X JOU PA HET NOG NIE WERK X HEIN VERPLASING GEKANSELEER NOG IN RANDHART X STEL XX JY NIE BELANG IN DIE SUPERINTENDENT POS HIER IN HOSPITAAL NIE KAN VIR JOU N VOORWOORD DOEN HOOP DIT GAAN NOG BAIE GOED X ONS KON NOG NIE EEN BOODSKAP OP DIE RADIO HOOR ONTVANGS BAIE SWAK X BAIE LIEFDE EN VERLANG OUERS

net dat ek later met iemand kan gesels daar wie ek met Rina of Ma-hulle kan kontak maak. Dit sal heel interessant en opwindend wees.

Volgens Wilf sal ons sekerlik in die week [illegible] tot vertrek. Leon en Anton werk nou in die berge op ons roete, sodat ons maklik met hul in aanraking kan kom. Met die temp. wat geleidelik al laer raak sal dit seker baie koud wees. Ek wonder wat te wag ons voor. Ek hoop en bid net dat ons hele ekspedisie sonder voorval, baie aangenaam en suksesvol sal wees.

Maandag 3 Maart 1969.

Na Schalk se verjaarsdag gister, en waar ons geen party gehou het nie, het ons vandag weer 'n spesiale geleentheid gehad. Die slag was dit groot nuus. Dries het pa geword van 'n dogter. Na sy vorige slegte nuus het hy sekerlik terug teenoor my opgemerk — nou kan 'n mens weer 'n slag glimlag. Ons het weer sjampanje gedrink met ete, en Barry wat met sy kookbeurt begin, het vir ons twee skaapboude opgeskep. As 'n Vrystaatse plaasjapie het hy sy Ma se resep baie goed onthou.

Buite was dit nie baie aangenaam nie. Afgesien van 'n temp van −15°C, het die wind 15-20 knope gewaai met betreklik baie jagsneeu.

Ek was hoofsaaklik besig om al die voorrade vir ons veldparty reg te kry. Ook het ek die kos vir Barry se kookbeurt uitgesit.

Gister het ons van Chris se Ma verneem dat Gordon glo voorbladnuus was in die Sunday Times. Dit was 'n berig oor sy liefde vir sy meisie — dat hy haar gebel het omdat 50 woorde per week nie vir hom goed genoeg was nie.

Dinsdag 4 Mrt 1969.

Vandag was dit weer baie mooi buite. Dit was heerlike sonskyn, ± geen wind en 'n temp. van -12°C.

Ek het die finale verpakkings in verskillende kaste gedoen van ons kosvoorrade vir die veld ekspedisie. Henry het ook toestemming gekry dat ek berge toe mag gaan. Die kos is gepak in vyf-dae rantsoene vir 2 persone. Algemene goed soos suiker, koffie, tee, vet, sout, eiers, gedehidreerde groente, lekkers en neute. ens. is apart in ander kaste verpak.

Die mirages was vandag baie mooi. Ons kon selfs 5 berge sien wat ± 200 kilometer van hier af is. Ysberge was so hoog in die lug dat 'n mens selfs hul refleksie in die mirage van die see kon sien. Rondom die son was daar ook 'n wye halo wat Gordon gefotografeer het.

Wolf was besig om nog sleë reg te maak, en om die slees te pak

Anton en Chris werk nog altyd op ons roete, met by Snotjaronga

Rob het vanaand kontak gehad met 'n Amateur ZS1EH in Bellville, dog dit was baie dof. Hy kon uitmaak dat hy iets van Rina gesê het. Volgens Wolf is dit 'n vriend van Theo Brand. So ek hoop dat ons nou die ou gereeld kan kontak, en dat ek miskien so 'n kans sal kry om nouer kontak met Rina te maak.

Gordon het een van sy films ontwikkel, en toe sommer ook 'n swart en wit van my wat ek op die skip geneem het. Dit het heel goed uitgekom. Ek sal later afdrukke moet maak.

JTA001

BRIEF GROBLER

27/2/69

LIEFSTE ALPHIE

EK VERLANG VANDAG SO BAIE NOU SKRYF EK MAAR N PAAR WOORDE X
BAIE DANKIE VIR JOU OPROEP X EK WAG NO'U DAT DIE BOOT MOET TERUGKEER VIR JOU
BRIEWE EN FOTOS X EK HET BESLUIT OM BY MY HUIDIGE WERK TEE TE BLY X
GELD IS NIE ALLES NIE EN EK IS GELUKKIG HIER X HOEKOM EK NIE MEER OORSEE
GAAN NIE SAL EK JOU ANTWOORD NADAT EK JOU BRIEWE GEKRY HET X JY IS OOK
VERLOOF MAAR NIE AAN MARLENE NIE X VERDER GAAN DIT GOED MET BAIE WARM X
ALMAL STUUR BAIE GROETE

AL MY LIEFDE EN VERLANGE

RINA

Woensdag [illegible] 1947

Vandag het ons weer 'n mooi dag gehad. Wolkloos en windstil.

Behalwe vir 'n finale paar verpakkings vir ons veldtog, het ek hoofsaaklik buite gewerk. Eers het Henry, Gordon, Dick en ek al die opgehoopte vullis uit die huisgetrek, asook onderdele. Toe het ons al die opgehoopte sneeu wat aan die voet van die skaggate het uitgetrek.

Ons het die onderdele op die werktuigkundiges se stellasie gaan pak, en al my medisyne kiste gaan haal en in die skag laat afsak. Die het ek toe voorlopig in die fisiologiese laboratorium gaan pak. Ons het die ander agtergeblewe goed-onder A-op 'n stellasie gepak. Dit was ons eerste ondervinding om te sien hoe die akkumulasie die goed begrawe - en ons moes ± alles onder die oppervlakte uitgrawe. Die oostelike goed is redelik oop, dog aan die weste kant is 'n groot hoop sneeu en is alles ± toe. Sommige goed was vanaf bodem tot oppervlakte ± 4 vt onder die ys. As die goed op 'n stellasie staan, hoop sneeu nie aan die weste kant op - die wind is altyd uit die ooste - en bly dit baie langer bo die oppervlakte. Vier 2" gat dromme word as voetstukke gebruik, en daar kom dwarspale bo-oor.

Naby die werktuigkundige stellasie het ons met iets snaaks te doen gehad. Wilf het vir Henry 'n krewas gewys. Met grawe het hy en Clive toe begin graaf. Dit lyk soos 'n skeur ± 2 dm wyd, met harde blou-ys randte. In werklikheid was dit 'n stuk plank wat toe al ± 1 vt onder die oppervlakte gesink het. a.g.v. gewig en hitte absorpsie sak dit vinnig af, en laat 'n oop pad bo - wat met nuwe jagsneeu 'n brug bo-oor kry. Die randte word hard a.g.v. die sneeu wat met die hitte absorpsie smelt en dan hegter bind as dit weer vries. Dit los 'n regte krewas effek.

Met die weeklang buite kon ons mooi die mirages dophou. Behalwe die berge – ± 4 en klein – was die uitstaande mirage defenitief die hele ysrand met dan sa in die agtergrond die ysbank. Dit lyk soos 'n kanaal wat deur 'n ysbank loop, met 'n ysrand weerskante. Die mirage, soos ander het nie baie lank gebly nie – ± ½ uur.

Vandag het ek 'n baie verrassende brief van Tina gekry. Ek was baie bly. Van die telefoonoproep af het dit my gepla hoekom sy nie oorsee wil gaan nie, omdat sy toe effe negatief oor die saak was. Nou lyk dit tog of iets aan die gang is. Ek moet sê, ek is baie nuuskierig – en verwag selfs die ergste.

6/3/69 Donderdag.

Ek het baie laat vandag opgestaan. Na middagete het ek eers gaan help om petrol en dieseldromme op die skuwe slees en muskeg te laai vir ons uit na die berge.

Daarna het ek vir die 1e keer werklik met my werk begin. Ek het die monsterbottels voorberei om die maandelikse monsters van die lede te versamel. Na aandete het ek toe van almal keel en neusdeppers geneem, vir bakteriele en virus studies. Ook het ek bloed getrek van elk. Elk moet vir my ook urine en faeces bring in bottels wat ek voorsien het.

Barry het flou geword vir ± 1 minuut terwyl ek besig was om bloed te trek. Dries het geweier om enige monsters te laat neem, of om die personeelvraevorming vorms in te vul.

Met die ondersoek het ek gevind dat Clive se bloeddruk besonder hoog is. Heinz het hom

ook volledig daarvoor ondersoek. Ek sal hom later self hiervoor volledig moet deurgaan.

Henry en 'n paar ander het 'n 200 vadem tou opgesny in ±20 vt stukke en afgewerk om slees mee vas te maak vir rotte.

Buite was dit vandag weer baie mooi, en dieselfde as gister.

Ons sal seker nou eers Sat. wegkom berge toe.

Gisteraand was die koudste temp. tot -26.4°C geregistreer.

Die R.S.A. sal oor die naweek blykbaar in Kaapstad aankom.

7/3/69. Vrydag

Vandag was 'n baie mooi dag buite, en het ons volstoom gewerk om alles reg te kry vir die berge veld ekspedisie.

Willfer en Clive het die slees reggepak en aanmekaar vasgemaak. ("gelash") Dit is toe alreeds reggetrek vir 'n moontlike storm (die druk sal wees erg). M.a.w. N-S.

Ek het die monsters almal genommer, die bloed afgeswaai en die serum in die spesiale bottels gesit.

Toe het ek begin om in te pak en alles aymekaar gekry. Ek neem 'n dik nuwe (Hollandse) slaapsak saam, twee skaapvelle, en 'n ekstra slaapsak.

Dries het vir my sy kamera geleen, waarmee ek hoofsaaklik swart en wit films gaan neem. Behalwe 'n kleur en s/w film, het Schalk vir my ook een van sy films gegee.

Ek het my eie kamera ook reggemaak, en sal nou fotos daarmee kan neem.

Origens het ek verder die kos vir die nuwe kookhuis uitgesit.

Saterdag 8 Feb 1969.

Vandag het ons 'n lekker storm belewe, wat seker nog 'n paar dae sal aanhou. Dit stel dus ons vertrek uit na die berge.

Die wind het 'n gemiddeld van 50 knope per uur gehandhaaf. Die minimum temp. was maar -9°C buite. Ek was ook skiewie.

Buite was dit nou werklik interessant. Ek, Clive en Wilf was uit toe die wind ± 55 knope was. Ons sigbaarheid was beperk tot seker 'n 10-20 tree. Die jagsneeu is definitief die mees onaangename deel. Windop is dit te erg vir 'n mens se oë om iets te sien. Die bril waai heeltemal vol sneeu, en sonder bril is dit amper beter. Met die temp. wat nie te laag is nie is dit nogal nie koud buite nie.

Ons het na die slees gery om te sien hoe diep hul onder die sneeu is, en om hul dan te verskuif. Dit was net nodig om 'n met petroldromme te skuif. Die sneeuoppervlakte is baie los, en het toe al seker 'n voet hoër gestyg.

Met die gaan het ons 'n lugdraad gevolg totdat ons die slees kon sien. Die lugdraad is ± 2 vt bo die grond. Met die terugkom kon ons die lugdraad nie sien nie, en kon ~~ook~~ geen baken sien nie. Ons het toe 'n verkeerde koers ingeslaan, en in 'n westelike i.p.v. N-gery en die stellasies gemis. Wilf en ek het toe per voet voor die muskeg N geloop, en kon later die vlagpaal sien, en so ons koers teruggekry. Die slees is ± 200 tree S van die basis, en wys net hoe gou 'n mens kan verdwaal, en dat 'n mens totaal verlore voel dan.

Ons het weer geflick – A gathering of Eagles, wat maar treurig was. Daarna het ons na 'n skreeuensnaakse koringone flick van die Marks broers gekyk.

Na 'n nag bad is ek toe bed toe.

Ons het vanaand na die 1e [illegible]films gekyk wat deur Will, [illegible] hier ontwikkel is – dit was baie goed.

Die R.S.A. het vanmore in Kaapstad aangekom. Wetters van Zuid-Pensae II se radiooperateur het glo die beker vir die beste kaart + snor gewen. Moet vergeet vir Rina se antwoord oor haar oorseese reis, en hoe my fotos lyk.

Sondag 9 Feb 1969.

Die storm was vandag nog aan die gang, dog die wind was in sy gemiddeld baie laer, net so 35-40 knope. Will en Clive het weer gaan sleeskrif. Ek was self nie buite, omdat ek te kort gekry het na geite se kant.

Vandag was 'n regte Sondag. Niemand het juis iets aangegaan nie. Almal was stil, en het hulself maar besig gehou. Weestal geselt. Larry, Will en ek het tot ± 3:40 geite gesels in die met kantoor.

Ek het vandag vir die 1e keer werklik tyd spandeer in die hospitaal om daar orde te probeer skep. Eers het ek met die medisyne-sakke reggepak, en toe begin om die kaste uit te pak. Ek het ± 2/3 van dit gedoen. Daar is egter 'n baie groot tekort aan sakke, en ek sal definitief ekstra sakke moet insit, en selfs moet begin medisynes inpak in die fisiologiese laboratorium. As die weer nie môre beter is nie – kanse lyk redelik vir verbetering – sal ek daarmee aangaan.

Vanaand het ek vir Rina en Ma- hulle geskryf. Ek verlang nogal baie na Rina, en mis haar geselskap en teenwoordigheid nogal baie.

Maandag 10 Feb 1969

Vandag het die weer effe verbeter, dog die storm is nog nie oor nie. Die wind het geval na ±30 knope, met sneeu en jagsneeu, en die sigbaarheid nog maar baie swak.

Will en Clive het van die slees weer gaan weg trek uit die geakkumuleerde sneeu. Ek self was ~~nog~~ nie uit nie, dog het maar in die